
# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*

GRATIS
Uitgawe 101
25 Desember 2024
www.boerhier.co.za

ALGAR IND BK

## Algar – Saam Boer ons Lekker

# INHOUD


4 Algar Nek- en Lyfklamp: Betroubare Veehanteerings-toerusting vir Elke Boer

9 Landbousukses bepaal deur reaksie, nie ekonomiese vooruitsig

*14 Getuienis* van pampoene: Juan Greeff

16 Damvlakke

20 Hoekom is dit belangrik om plaaginsekte korrek te identifiseer?

25 Miltsiekte, sponssiekte en lamsiekte: ’n Dodelike trio

30 Skoolvlak predasieopleiding ’n prioriteit vir NWKV

34 Die waarde van lamkampies en die implementering daarvan

44 Raskeuse: Bree riglyne vir beginner beesboere

51 Watervereistes van Varke

56 **Boervrou van die jaar:** Franelyn Rossouw lééf rentmeesterskap met respek, harde werk en omgee – Wenner

61 2024– Die Jaar van Herwinning en Vernuwing

65 Resep: Skaapnek Potjie

66 Wat sê die Markte

68 Vorige Uitgawes



Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemarking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.



Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.



Vir verdere navraag, kontak: 073 895 6392 of e-pos info@boerhier.co.za


Besoek ons webtuiste www.boerhier.co.za en www.farmhere.co.za

Ingligting vir advertensies en artikels vir BOERhier word verskaf deur adverteerders.


BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat ’n transaksie behartig word en ’n produk gebruik word.





Foto: Affieplaas Fotografie

# Ek glo in seën bid

As iemand vir jou sê hy glo in die wonder van 'n spesifieke produk, maar hy of sy het nog nie self die produk gebruik om regtig die wonder van die produk te kon ervaar nie, sou jy die produk gaan koop? Ek vermoed nie so nie.

Ek glo in gebed. Ek glo regtig in gebed omdat ek keer op keer die effek van gebed in my lewe ervaar. Maar wag, laat ek vir eers nie my eie ervaring deel nie, maar eerder dié van 'n minder bevoorregte dogtertjie wat elke aand gebid het.

Mense kon name instuur van minderbevoorregte mense wat nie geld gehad het om Kersfeesgeskenke te koop vir hulle kinders nie. Die dogtertjie se ouers en haar boetie word toe genooi na die geselligheid.

Groot was hulle verbasing dat daar 'n hele gedoente is met 'n groot ete en twee geskenke, met net seun of dogter daarop geskrywe. Toe die dogtertjie haar geskenk oopmaak, toe skree sy kliphard: "Dis die pop! Dis die pop!"

Verbaas vra haar moeder wat sy bedoel? Sy sê toe dat sy die pop in 'n advertensie gesien het en elke aand vir die Here gevra het of sy tog asseblief vir Kersfees so 'n pop kan kry.

Ek bedoel, wat is die odds? Ek vermoed mense wat nie glo nie, gaan een of ander komma nul, nul, nul, nul 1 som uitwerk. Ek wat gebed wat waar word al aan my lyf ervaar het, se oë skiet vol trane en ek begin sommer sing: My God is so groot, so sterk en so magtig, daar's niks wat my God nie kan doen.

Gebed moet 'n sentrale plek in ons lewe hê. Ons moet voortdurend met God praat en ons behoefte voor Hom neerlê. Ons moet Hom in gebed dank vir alles wat ons het. Ja, soms ook vir die uitdagings in ons pad, want ons weet die netto effek van al die uitdagings is dat ons sterker raak in ons geloof en ons ook nader aan God bring.

Ons wat glo in gebed, moet gebed nie net vir onsself hou nie. Ons moet vir ander mense bid. Ons moet die seën van die Here oor hulle bid, want as ons glo in gebed, kan die seën mos werklik daar by hulle in hulle omstandighede ook opdaag.

Ek vermoed Petrus ken ook van die impak van seën op ander mense. Daarom spreek hy hierdie mooi seën uit oor al die mense wat sy briewe lees – en so tussen hakies, ons is mos deel van die groep lesers: 2Ek bid dat God se oorvloedige goedheid en vrede julle lewens sal oorspoel! Mag julle kennis van God en van Jesus ons Here julle help om al hierdie hemelse gawes meer te beleef.

Mag jy meer en meer tyd met God deurbring in gebed. Mag jy meer en meer Sy Woord lees, want hier kry 'n mens baie wysheid. Hier leer jy meer en meer van God ken. Hier leer jy meer van Jesus en die Heilige Gees.

Hier leer jy hoe om die lewe daar buite as kind van God te leef. Dinge wat gebeur, goeie en slegte dinge, kom in perspektief en dan daal vrede oor jou neer. Jy ervaar Sy goedheid in elke klein dingetjie en die lewe raak 'n lied.

Mag jy ook glo in gebed en mag jy hierdie seën ook oor almal wat oor jou pad kom, spreek, sodat God se goedheid en vrede al hoe meer 'n werklikheid word.

**Teks**

2 Petrus 1:1-2

**Om oor na te dink**

- Glo jy in gebed?
- Glo jy in die krag wanneer ons seën oor ander uitspreek?
- Watter naam plaas die Heilige Gees op jou hart om die seën oor uit te spreek?

**Gebed**

Here, ek wil die seëninge wat ek van U ontvang, ook oor ander bid wat dit nodig het. Amen.

Bron: https://kruispad.com/ek-glo-in-seen-bid/

**Photo by Christine Vosloo Photography**

# Algar Nek- en Lyfklamp:

## Betroubare Veehanteerings-toerusting vir Elke Boer




**Die Algar Nek- en Lyfklamp, Nekklem en Kenhyser is 'n reeks innoverende dierehanteeringstoestelle wat ontwerp is om boere te help om hul werk vinniger, veiliger en meer doeltreffend uit te voer.**

Hierdie produkte is perfek vir die hantering van beeste, met fokus op gemak, doeltreffendheid en veiligheid. Kom ons neem 'n bietjie 'n nader kyk na hierdie hoëgehalte toestelle wat vir die moderne boer gemaak is.

### Algar Nek- en Lyfklamp

Die Algar Nek- en Lyfklamp is 'n veelsydige toestel wat die diere se nek en liggaam vastrek om hulle in 'n beheerste posisie te hou. Dit word dikwels gebruik vir prosedures soos inentings, merking en algemene inspeksies. Die ontwerp is spesifiek om die dier stewig te hou terwyl die boer vinnig en doeltreffend werk kan doen. Die klamp is solied, maklik om te gebruik

Een van die kenmerke wat die Algar Nek- en Lyfklamp uitstaan, is sy aanpasbaarheid. Dit kan aangepas word om verskillende groottes van diere te hanteer, van kalfies tot volwasse beeste. Dit bied die boer die opsie om die toestel aan die spesifieke behoeftes van sy kudde aan te pas, wat werkspoed en doeltreffendheid verhoog die Klamp het ook 11 toegangshekke wat help om veilig met jou diere te werk en verseker vinnigger werking.

### Die Algar Kenhyser

Dit is 'n ander nuttige toestel wat dikwels saam met die Nek- en Lyfklamp gebruik word. Dit help om die dier se kop in posisie te hou, wat dit makliker maak om by die keel of gesigstreke van die dier te werk. Dit is veral nuttig wanneer 'n boer 'n dier se mond of tande moet inspekteer, of as daar in die kopgebied gewerk moet word.

Die Ken Hyser is ideaal vir goed soos doseering, oorplaatjies toedien, tande kyk en vele meer

### Vinnige en Maklike Toepassing

Algar se Nek- en Lyfklamp en Kenhyser is ontwerp om die boer se werk te vergemaklik deur vinnig en maklik met jou diere te kan werk. Of jy nou 'n ervare boer is of net begin het,







hierdie toestelle is eenvoudig om te gebruik. Hulle is duursaam en ontwerp om langdurige gebruik te weerstaan. Dit beteken minder tyd wat aan die hanteering van jou diere bestee word, wat uiteindelik die produktiwiteit van jou plaas verbeter.

## Veiligheid en Betroubaarheid

Veiligheid is altyd die hoogste prioriteit wanneer jy met diere werk, en Algar het hierdie in gedagte gehou. Al die toestelle is ontwerp om die veiligheid van beide die diere en die boer te verseker. Die Nek- en Lyfklamp en Kenhyser is sterk genoeg om betroubaarheid in die moeilikste omstandighede te bied met goenoeg hekke en toegang om die werk maklik te maak.

## Algar – Saam Boer ons Lekker





algar@algar.co.za www.algar.co.za 082 324 6256

ALGAR IND BK

**Veehanteringstoerusting**
**Livestock Handling Equipment**



## SPAAR

- Veilig vir Boer en Dier
- Duursaam en Sterk
- Nuutste tegnologie
- Lae Stres op Diere
- Arbeidsbesparing
- Tydsbesparing
- Doeltreffende
- Werksverrigting

## SAVE

Efficient Work Performance
Safe for Farmer and Animal
Low Stress for Animals
Durable and strong
Latest Technology
Labour Saving
Save Time




JAY•LOR

- Increased Milk Production
- Optimum Fiber Quality
- Optimum Fiber Length
- Mix feed consistently
- Mix feed quickly
- Low horsepower
- Easy to operate
- Reliable

**Self-propelledmini-TMR mixer**


THE BEST OF
KAROO
BOER GOATS | BOERBOKKE
AUCTION
18 January 2025
11:00, Little Farm Lodge, Kimberley
Boer Goats
20 Rams
80 Ewes
Under the auspices of the
Boer Goat Breeders' Society of SA
WEIDEMAN VOERE
Afrivet
Animal health is in our DNA
A Bimeda company
VETS 4 ALL
ANIMAL CLINIC
CdP
ONLINE
AUCTION SERVICES
For more information visit André Kock en Seun Facebook Page.
FRANCIS SMITH : 072 229 1952
PW BOTHA : 082 800 9310
SCHALK ERLANK : 082 558 6891
ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehawe Afslaers & Eiendomsagente
Livestock Auctioneers & Estate Agents
053 927 1981
TERMS AND CONDITIONS: Account must be settled directly after completion of the auction through means of cash or EFT payment.
When total amount reflects in our bank account items/animals will be permitted to leave the premisses. A cash handling fee will be charged
on all cash transactions. FICA documentation (ID/Passport and proof of residence) must be present for transaction to be concluded.


BIETOU
MEATMASTERS
CASE IH AGRICULTURE
Virbac ANIMAL HEALTH
MOLATEK
DELI-CO
André Botes: 082 771 4200 | Boeta Luttig: 082 774 7330
E-pos: andre@ruens.co.za
Bietou Meatmasters
VEILING: PRINS ALBERT SKOUGRONDE | TYD: 11H00
23 JANUARIE 2025
AANLYN & VLOER VEILING
OOILAMMERS VAN
FRANK BESKIKBAAR
Meatmaster
Geld uit die veld
Nature's Moneymaker
30 RAMME
230 VROULIKE DIERE
CdP AUCTIONEERING SERVICES
Corné du Plessis: 076 101 9996 (Auctioneer)
PW van Heerden: 083 627 4133 (Marketing & Transport)
Jim Makgae: 073 735 9195 (Marketing)
Marlise: 065 716 4689 (Online)
WWW.CDPAUCTIONEERS.CO.ZA



# Landbousukses bepaal deur reaksie, nie ekonomiese vooruitsig



Johann Kotzé. (Foto: Verskaf)

**Ná afloop van my eerste kalenderjaar aan stuur van Agri SA, kan ek onomwonde sê dat die passie en vindingrykheid van Suid-Afrikaanse boere die dryfveer agter ons globale mededingendheid is. Ek het tyd bestee met boere in elke uithoek van ons land en het eerstehands die diversiteit en kompleksiteit van ons land se voedselsisteem ervaar. Die durf, vasberadenheid en deursettingsvermoë van landbouers en landbou-ondernemings het my oraloor begroet. Tog is ek toenemend bekommerd.**

Verstaan my reg, ek het volle vertroue in die landbouvoedselstelsel om aan te hou voedsel produseer en is positief oor ons vooruitsigte in 2025. Ek kan egter nie die uitwerking van landelike verval en gebrekkige dienslewering, asook die gepaardgaande sosio-ekonomiese uitdagings in gemeenskappe op die volhoubaarheid van individuele boere en waardekettings misken nie. Dis onrusbarend om groot graanvragmotors om slaggate te sien vleg deur die hoofstrate van eens florerende plattelandse dorpies. Ek sien ook die verlate plaashuise langs hoofweë raak en wonder of die eienaars nou maar op die soms ewe onveilige dorpies woon.

Ek word ook gereeld gegroet deur ma's in droogtegeteisterde gebiede wie se eggenote vir 'n finansiële hupstoot in Amerika werk. Dis egter nie meer slegs die grootte van ons uitdagings wat my bekommer nie. Niks van hierdie uitdagings is vir ons nuut nie.

Ek is bekommerd oor die idee dat dieselfde hulpbronne, denke en verhoudings wat landbou tot hier gebring het, ons volhoubaarheid in die toekoms gaan verseker. Die idee dat verval of historiese kapasiteit bloot herstel of herwin moet word tot wat dit eens was, is onsinnig. Ons moet eerder die instelling en funksies wat die toekoms van ons gaan vra, in berekening bring. Dieselfde geld vir die geloof dat die koms van 'n enkele nuwe leier of beleidsraamwerk die antwoord is. Ons sakeomgewing is bloot te kompleks en gefragmenteer. Die federale aard van staatsadministrasie help ook nie.

Net so is die reaktiewe beleidsgedrewe aanslag van georganiseerde landbou nie meer relevant nie. Vir lank was die modus operandi die skep van beleids- en bedingingskapasiteit, luidrugtige voorspraak en tydige litigasie. Hierdie benadering is soms omsoom met verdelende emosie, maar selfs meer belangrik – dit het die afgelope paar jaar tot beperkte of selfs geen uitkomste gelei nie.

Verstaan my reg, ek ontken nie die relevansie en impak van wat vantevore gewerk het nie. 'n Bevorderlike beleidsomgewing is

ononderhandelbaar vir ekonomiese groei en sal altyd 'n prioriteit vir georganiseerde landbou bly. Maar die huidige sakeomgewing vereis meer van ons vernuwende denke tot pragmatiese probleemoplossing.

Ek verduidelik aan die hand van 'n voorbeeld. In 'n onlangse verwikkeling het BFAP bevind dat die BBP-syfers vir landbou gedurende die derde kwartaal van 2024 heelwat beter was as Statistieke SA se aangeduide 28,8%-inkrimping. Ná afloop van die bestudering van gebrekkige vloei van data en datatekortkominge wat dit moeilik maak om die diversiteit van landbou se ekonomiese bydrae te bereken, is daar ooreengekom om 'n komitee vir die beoordeling van landboutoestande te vorm. Die doel is om insette uit bedryfsgeledere te kry om die statistiese bevindings te staaf. Kortom, die ervaring van boere op grondvlak moet belyn word met dít wat statisties voorgehou word.

Die akkuraatheid van landbou-BBP-data is noodsaaklik vir monetêre beleid en diens as maatstaf van landbou se gesondheid en voedselsekerheid.

Wat opval, is georganiseerde landbou en die departement van landbou se beperkte vermoë om tydige, akkurate en geografiese data oor landbou en die voedselsisteem te verskaf. Ons kennis van die bedryf is gefragmenteer, wat ruimte skep vir gevaarlike en subjektiewe menings wat soms lei tot emosionele besluitneming.

Die feit dat dieselfde waar is rakende die gebrek aan betroubare data oor arbeid, waterhulpbronne, grondbesit, internasionale handel, siekte-uitbrekings en die toestand van kritieke landbou-infrastruktuur, beklemtoon hoe reaktief en gefragmenteer georganiseerde landbou en die departement geraak het. Ons benodig 'n gekoördineerde maatstaf om ons eie sukses en gesondheid te evalueer.

Die daarstel van bogenoemde komitee is 'n belangrike eerste stap in AgriSA se dryfkrag om meer proaktief op te tree in oorleg met die departement van landbou. AgriSA het ook onlangs begin om saam met die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) en die ouditeursfirma PwC 'n voedselsekerheidsindeks vir Suid-Afrika te begin saamstel. Die idee is om sleutelprestasie-aanduiders oor waardekettings in die landbou- én voedselsegmente van die voedselstelsel te identifiseer en dit deel te maak van relevante belanghebbendes binne die private én openbare sektor.

Die indeks skep dus 'n raamwerk om intelligensie oor voedselverwante ekonomiese aktiwiteite te ontleed en te interpreteer, maar dien ook as platform om samewerking tussen die landbou- en voedselsegmente van die waardeketting rakende kritieke kwessies mee te bring. 'n Verdere oogmerk is om 'n basis te skep vir insigte wat kritiek belangrik is vir die volhoubaarheid van die landboubedryf en voedselsekerheid. Kwessies soos klimaatsverandering en die beskikbaarheid van water op plase sal byvoorbeeld deur die lens van voedselsekerheid herverpak word om belangrike besluitneming te dryf.

## Boere moet meer sélf doen



Argieffoto (Foto: Du Preez de Villiers/Maroela Media)

Ons moet egter onthou dat dít wat op plaasvlak en in gemeenskappe ervaar word, soms ver buite die direkte invloed van amptenare in Pretoria strek. Ons eie leierskap en verhoudings op grondvlak het 'n baie groter impak op ons daaglikse werklikheid. Die onus is dus op ons almal om ons rolle op te neem in die verwesenliking van 'n volhoubare landboutoekoms.

Wat bedoel ek daarmee? Oor die afgelope 30 jaar het bedryfsorganisasies, te midde van die verval en wanfunksionering van nasionale en provinsiale landbou-owerhede, 'n toenemend groter rol gespeel in die werking van waardekettings en plaasvlaksukses. Of dit nou gaan oor die vestiging van nuwe boere, die ontwikkeling van nuwe kultivars, die opstel en regulering van etiese en volhoubaarheidspraktyke, die verskaffing van markintelligensie, die ontsluiting van nuwe markte in oorleg met owerhede, die bestuur van diere- en plantsiektes, of die skakeling met kritieke rolspelers soos Transnet en Eskom – bedryfsorganisasies doen dit alles, gefinansier deur die boere self.

met staatsentiteite. Hierdie werk, tesame met bestaande vennootskappe, sal deel wees van die voedselsekerheidsindeks en die platform wat dit ondersteun.

BFAP verwys gereeld na die "gebuigde kurwe" in landbou, wat die teoretiese potensiaal van die sektor aandui. Ek is vol vertroue dat ons ons ekonomiese potensiaal in landbou kan verwesenlik as ons meer gefokus en pragmaties raak in hoe ons saamwerk – met mekaar asook met staatsinstellings.


Hoe en waarmee ons gaan reageer op ons omstandighede, is wat die uitkoms van landbou se toekoms in Suid-Afrika gaan bepaal. Ons sal moet fokus op wat ons het en wat in ons as boere se vermoë is om met vindingrykheid ons toekoms te skep.



As kollektief het ons reeds baie self aangepak en in sommige gevalle sterker kapasiteit en meer invloed as staatsentiteite opgebou. My verwagting is dat ons selfs nog meer verantwoordelikhede sal moet oorneem of nouer sal moet saamwerk

**Deur: Johann Kotzé is AgriSA se uitvoerende direkteur.**

Bron: https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/landbousukses-bepaal-deur-reaksie-nie-ekonomiese-vooruitsig/

Steel Tube & Pipe Profiles
"centre of excellence"

# Monitor your Livestock Health

## WITH CATTLE WEIGH CRATES

- Make smart breeding decisions
- Monitor livestock weight gain
- Weigh calves to wean at the optimal moment
- Improve your breeding strategies

**R18 000**
*incl vat*




Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng, 1911 www.steeltubeprofiles.co.za
+27 665 568 616 | +27 728 794 871 | +27 100 230 786
Email: sales@steeltubeprofiles.co.za


PRODUKSIEVEILING
2025
50 YEARS
in the Dohne Merino Industry
Top Breeder Award Winner
2000, 2006, 2008, 2018
80 A+AA RAMME
200 JONG OOIE
75 TOP DRAGTIGE STOETOOIE
Lewendige en
Aanlyn Veiling
Veilingsdatum: Woensdag, 29 Januarie 2025 om 12:00
Plek: Klipbankskloof, Protem
Besigtiging: Dag van veiling of vooraf gereël
Navrae: Wynand du Toit: 082 550 1242
Pieter Groenewald: 079 681 0342
+27 (0) 82 550 1242
+27 (0) 28 452 1625
wynand@suidplaasdohnes.co.za
PO Box 4, Protem 7281
www.suidplaasdohnes.co.za
Dohne Merino
OVK
SUIDPLAAS
DOHNES
genetics for profit • since 1972

# Getuienis van pampoene

## Juan Greeff

**Die aand van die 14de Februarie 2024 ry ek huistoe van Vredefort af en daar lê 'n dik bank wolke agter die berg. Die weerligte blits helder en ek gee bietjie vet om by die huis te kom voor die reën uitsak. Daardie nag reën dit heerlik by ons op Mooihoek en ons is so dankbaar vir die uitkoms wat gekom het na 'n lang, droë tyd.**

Die volgende oggend vroeg bel my skoonpa, Herman van Wyk, van Baskop af. Hy vertel dat daar 'n geweldige haelstorm die vorige nag oor die pampoene is en dinge lyk glad nie goed nie. Ek klim toe in die bakkie met die idee dat dit seker nie so erg kan wees nie, dalk lyk dit maar net vir hom so, want by ons huis so 8km van daar af het dit net lekker gereën. Toe ek by die pampoenland stop, kan ek nie glo wat ek sien nie. Hierdie pampoene het net begin blom en was besig om die land toe te groei met 'n welige blad donkergroen blare, rêrig besonder mooi. Maar nou lê die hele land rooi voor my, asof daar nooit iets groen op hom was nie. Blare sien jy nêrens meer nie, die ranke is afgeslaan en oopgeslaan, stukkies gemaalde blaarpulp lê in die voortjies, dis totale verwoesting. Op daardie oomblik kry ek terugflitse van 'n storm in 2019 wat by ons op Mooihoek amper soortgelyke skade gemaak het. Daar was ook 'n landjie met pampoene en die hael het dit een middag weggeslaan. Maar hulle het nie weer uitgeloop nie, hulle was dood.

In die Vrystaat plant jy nie pampoene oor in Februarie nie. Ons het kontrakte om te lewer, daar is rekeninge wat betaal moet word, die ander lande trek swaar onder die droogte, ons het regtig hierdie pampoenoes nodig! Al hierdie dinge maal deur my kop soos ek deur die stukkende stingels loop en soek na 'n plan. Die slotsom waarby ek uitgekom het was dit: Hier is niks wat ons kan doen nie, ons sal nou die Here moet aanroep.



Ek bel my vrou Jani, en vra haar om af te kom Baskop toe, ons moet bid vir die pampoene. Toe Jani daar kom hou ek my sterk en vol moed, maar ek sluk swaar om die trane terug te hou. Ons gaan staan tussen daai verpletterde ranke en ek vat haar hand en ons begin bid. Die Woord sê mos daar waar twee van julle op die aarde saamstem oor enige saak wat hulle mag vra, sal dit hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is (Matt. 18:19).

'n Moeilike gebed was dit aanvanklik, een wat jou uitdaag om 'n besluit te maak tussen wat jy glo en wat jy sien. Met jou oë sien jy hopeloosheid, verwoesting en iets wat afgehandel is, terwyl jou hart soek na 'n bonatuurlike antwoord wat jou gaan sê wat om te doen. Wat ons presies alles gebid het kan ek nie onthou nie, maar iewers tussendeur kom die skrif by my op in Esegiël 37:4 wat sê: "Dooie bene, hoor die Woord van die







Here" en toe ek dit in my gees hoor, toe begin ek dit uitroep oor daai land: "Dooie bene, hoor die Woord van die Here! Ons roep lewe in julle in, en ons verklaar dat hierdie land sal 'n opbrengs gee, en dit wat hier gaan gebeur sal ons vertel as 'n getuienis tot eer van God, sodat God verheerlik kan word daardeur, en Sy koninkryk daardeur uitgebrei kan word!" Nadat ons saam gebid het, het daar 'n totale kalmte oor ons gekom. Die hartseer, vrees en teleurstelling het verdwyn, en ons het nuwe hoop gekry. Niks het anders gelyk nie, inteendeel het die ranke die volgende dag slegter gelyk, twee dae later nog erger, alles was bruin en dood. Die reuk van verrottende plantmateriaal het oor die plaas gehang. Die uitdaging was om te bly glo en vertrou ten spyte van wat ons sien, en maklik was dit nie.

'n Paar dae later sit ons die besproeiing aan om nat te maak. Fonteine water staan oral oor die land op, die hael het al ons drupperlyne ook nog vol gate geslaan. Is dit die moeite werd om reg te maak? Moet ons nuwes insit in 'n land wat nou nog lyk of daar niks van gaan kom nie? Ons maak toe maar reg so ver as wat ons kan, met die steeds geankerde geloof in ons harte, dat die Here ons nie sal teleurstel nie.

Twee weke later begin daar blare vorm tussen die dooie ranke. Stukkende ranke kry groen blare so stukkend en af as wat hulle is, nuwe ranke ontwikkel en spruit uit. Toe verskyn daar blomme, die blomme word jong vruggies, pampoene begin oral vorm, die land raak weer groen en voor ons oë sien ons elke dag hoe die dooie stingels verdwyn en die land gevul word met die pragtigste pampoene. Dit lyk of die pampoene baie vinniger groei en ontwikkel as voor die hael, en sowaar ten spyte van die geweldige terugslag en hergroei wat moes plaasvind, toe die oesdatum aanbreek is hulle ryp. Toe die blare begin afsterf aan die einde van die seisoen, lê daai land van hoek tot kant vol pampoene. Ons ry vragte en vragte weg, ons kontrak is naderhand vol, maar daar is nogsteeds pampoene. Ons pak die laaste klomp in die stoor, hulle lê deur die winter, en toe ons die laaste vrag in die vroeë lente uitry en die syfers begin bymekaartel, sien ons dat ons ons oorspronklike doelwit (voordat hael in die prentjie was) met omtrent 5 ton per hektaar oorskry het! Wat 'n wonderlike gevoel was dit nie, om te weet dat ons ten spyte van baie vrae en vertwyfelinge gekry het waarvoor ons gebid het. Op die 15de Februarie het ons met trane die Here aangeroep, en aan die einde van die oestyd het ons geweet hoekom die Bybel sê: "Die wat met trane saai, sal met gejubel maai." Ps. 126:5. Verder wil ons graag hierdie storie deel met almal, sodat die Here die eer kan ontvang soos ons gebid het na die hael, en ons ander kan inspireer om Hom te vertrou met alles in ons lewens. Die God wat pampoene kan laat groei uit dooie ranke, is in staat om enige iets te doen waarmee jy Hom kan vertrou.

**Juan Greeff**

# DAMVLAKKE

Soos op 18 Desember 2024




| Desember | | |
|---|---|---|
| | 2023 | 2024 |
| Oos-Kaap | 86% | 84% |
| Vrystaat | 86% | 71% |
| Gauteng | 92% | 84% |
| KwaZulu-Natal | 81% | 80% |
| Limpopo | 78% | 67% |
| Mpumalanga | 91% | 76% |
| Noord-Wes | 79% | 54% |
| Noord-Kaap | 80% | 68% |
| Wes-Kaap | 86% | 89% |

Provincial Summary (sawx.co.za)

BOERhier
www.boerhier.co.za

# 2 Petrus 1:1-2 DB

"Van Simon Petrus. Ek is 'n dienskneg van Jesus Christus. Hy het my as een van sy apostels aangestel. God is baie goed. Daarom het Hy en ons Verlosser, Jesus Christus, dit so beskik dat julle glo. Omdat God vir julle baie goed is, glo julle nou, net soos ek. Ek bid dat God se oorvloedige goedheid en vrede julle lewens sal oorspoel! Mag julle kennis van God en van Jesus ons Here julle help om al hierdie hemelse gawes meer te beleef.



Foto: Christine Vosloo Fotografi



TRANSVELD
MEATMASTER KLUB
AUCTION
250905
Something NEW is coming!
31 JAN 2025
@ 11:00
Fire & Wine, Pretoria
Floor & online bidding
CONTACT:
Terence Long: 078 615 4917
Lana Prinsloo: 082 902 6593
Wessel Fourie: 082 302 4594
Mario Marais: 082 854 5110
transveldsecretary@gmail.com
Transveld Meatmaster Klub
www.meatmastersa.co.za / Transveld-Klub
Meatmaster
Geld uit die veld
Nature's Moneymaker
Corné du Plessis| 076 101 9996
Marlise | 065 716 4689 (Online)
PW van Heerden | 083 627 4133 (Marketing & Transport)
Jim Makgae | 073 735 9195 (Marketing)
cdpauctions.co.za
ONLINE CONDITIONS:
1) Fica documentation at registration
2) 1% Online auction commission payable
Online registration and more information:
https://bid.cdpauctioneers.co.za/
CdP AUCTIONEERING SERVICES











# Supplying Africa with environmentally friendly products

AgriConsult Africa
AGRIBUSINESS CONSULTING

A range of products containing 100% Natural, environmentally friendly Live Bacterial Enzymatic blend, used in Agriculture to improve quality, yield and overall plant health and used for the remediation of all Hydrocarbons, Sewage and Decompose all forms of organic waste.

Our products are a catalyst for organic decomposition, and an agent for the rehabilitation of soils and remediation of toxic waste, and it converts oils and greases into viable nutrients for the environment.

## Our Products

- Plant Health
- Environmental Health
- Water Rehabilitation

**Hein Visagie**
076 590 4887
hantam@agriconsultafrica.co.za
www.agriconsultafrica.co.za



# Hoekom is dit belangrik om plaaginsekte korrek te identifiseer?

**William Shakespeare het gevra "What's in a name? That which we call a rose by any other name would smell as sweet."**

**Romeo and Juliet by William Shakespeare, CA 1600.**

**Wanneer dit by die identifikasie van plaaginsekte kom is baie inligting in 'n naam opgesluit. Insekte is lede van 'n groep diere wat saam in die klas Insecta voorkom. Die klas Insecta word verder verdeel in Ordes en dit word opgedeel in verskillende Families. Die Families bestaan uit verskillende Genus en spesies. Die Genus- en spesies-naam word ook die wetenskaplike naam genoem en word algemeen gebruik om die spesifieke insek korrek te identifiseer.**

Algemene name word ook gebruik, maar die probleem met algemene name is dat dit in verskillende wêreld-dele en selfs streke verskil. Algemene name wissel ook soms afhangende van die gewas waarop die insek voorkom. Een insek kan dus verskillende algemene name hê, wat verwarrend kan wees.

Wetenskaplike name word universeel aanvaar en verander nie. Die hoof- in-sek-ordes waarin plaaginsekte voorkom is Coleoptera (kewers); Diptera (vlieë); Hemiptera (plantluise en besies); Ho-moptera (bladspringers); Lepidoptera (skoenlappers en motte) en Thysanoptera (blaaspootjies).

## Wat is 'n plaaginsek?

'n Plaaginsek is nie 'n biologiese eenheid nie en 'n insek word geklasifiseer as 'n plaag op grond van die assosiasie met die spesifieke omgewing. In 'n woud in die natuur word 'n termiet byvoorbeeld beskou as 'n voordelige organisme, wat as ontbinder optree, terwyl dieselfde termiet as 'n ekonomiese plaag beskou word wanneer dit in menslike strukture voorkom.

Soms word net die teenwoordigheid van 'n insek op 'n gewas as 'n pro bleem beskou. Daar moet egter onderskei word tussen direkte ekonomiese skade en indirekte skade. Hier speel die gewas se groeistadium en die voorkoms van die insek in sekere stadiums, insek se voedingswyse, asook die hoeveelheid insekte en druk 'n groot rol.

Wanneer die insek voorkom op dele van die plant wat nie as voedsel geoes word nie en die insekdruk is nie hoog nie, sal die ekonomiese skade minimaal wees. Wanneer daar egter 'n hoë druk van insekte in 'n kwesbare groeistadium van die plant voorkom kan dit die plant se groei soveel beïnvloed dat dit opbrengsverlies en ekonomiese skade tot gevolg sal hê. Sommige insekte is in klein getalle meer skadelik as ander.

Kennis van die insek se identiteit, biologie en spesifieke voedingmetodes sal ons in staat stel om te onderskei tussen 'n skadelike en onskadelike insek. Die insek se lewenstadium is ook belangrik. Sommige insekte is in die larwale stadium skadelik terwyl die volwassene glad nie skadelik is nie en selfs voordelig kan wees, of andersom. Met al hierdie inligting kan verdere aksie beplan word om ekonomiese skade te beperk.



Voeding van die Russiese koringluis (Hemiptera Diuraphis noxia) veroorsaak wit strepe.

## Soort insekskade

Insekte het hoofsaaklik kouende mond-dele wat dele van die plant afbyt, of steek-suigende monddele wat in die plant ingesteek word en plantsappe uitsuig. Die algemeenste en maklik sigbare voedingskade is wanneer die insek dele van die plant, hoofsaaklik blare, afbyt. Insekte wat op hierdie manier voed, sluit larwes in die orde Lepidoptera (skoenlap-pers en motte) en volwassenes en larwes in die orde Coleoptera (kewers) in.

Sommige insekte is bladmyners en maak tonnels in die blaar sonder om die buitekant van die blaar te beskadig. Insekte wat op hierdie manier voed is hoofsaaklik larwes in die ordes Lepidoptera en Diptera. Ander is stamboorders, wat in die stamme boor en gewoonlik groter afstande beweeg en meer skade aan die plant veroorsaak as bladmyners. Stamboorders sluit larwes in die orde Lepidoptera en Coleoptera in.

Die skadelikste insekte met kouende monddele is dié wat op die reproduktiewe stadiums van die plant voed, soos op blomme en sade. Sommige insekte het lang, buisagtige monddele wat hulle in staat stel om die plant te penetreer en op die plantsappe te voed. Insekte in die orde Hemiptera en Homoptera (bladspringers) voed op hierdie manier en sluit plantluise in.

Voeding deur insekte met steeksuigende monddele veroorsaak verkleuring of vervorming van die blare omdat die insekte nie net plantsappe verwyder nie, maar gedurende hul voeding ook verteringsensieme en toksiene in die plant afskei. ’n Algemene reaksie is chlorosis of vergeling.

In die geval van die Russiese koringluis veroorsaak die voeding wit strepe op die blaar en die (op)rol van blare. Hierdie soort skade veroorsaak ’n beperking van groei en ontwikkeling van die plant en kan opbrengsverliese tot gevolg hê. Hierdie soort insekte kan dikwels ook plantsiektes oordra.

## Identifikasie van plaaginsekte

Drie beginsels moet in gedagte gehou moet word wanneer ’n insek geïdentifiseer word:

- Insekte kan maklik gegroepeer word gebaseer op die vorm en voorkoms van hul antennae, vlerke, pote en soort monddele.
- Gedrag is net so belangrik soos voorkoms om insekplae te onderskei. Belangrike inligting wat in aanmerking geneem moet word, is waar en wanneer die insek voed, die voorkoms van sydrade en waar eiers gelê word.
- Klein besonderhede is belangrik om na op te let. Kyk sorgvuldig na die

insek en neem ook die soort voeding-skade in ag. Versamel die insek wat geïdentifiseer gaan word versigtig. Sommige dele van die insek is soms krities om dit korrek te kan identifiseer en dit is gevolglik nodig om sover moontlik die insek in sy geheel te versamel sonder om enige deel te breek.

Dit is belangrik om die insek wat op die gewas voorkom korrek te identifiseer om onnodige koste van beheer te vermy en ook om die korrekte beheer in die regte stadium te bepaal om verliese tot die minimum te beperk. Skade op plante word dikwels oorskat en geen beheer is nodig omdat hierdie skade nie tot ekonomiese verliese sal lei nie. Andersins word skade soms onderskat en dit wat aan¬vanklik nie kommerwekkend lyk nie kan tot groot ekonomiese verliese lei. Soms voed die teenwoordige insekte glad nie op die gewas nie, maar is voordelige predatore, ontbinders of bestuiwers.

Hierdie probleme kan vermy word deur soveel inligting as moontlik te versamel en die insek korrek te identifiseer. Entomoloë is opgelei om hierdie taak te verrig indien hulle die korrekte en volledige inligting het.

Produsente met enige navrae of opmerkings kan dr Astrid Jankielsohn by LNR-Kleingraan kontak: Tel: 058 307 3431; Sel: 082 564 3795; e-pos: jankielsohna@arc.agric.za .

**Astrid Jankielsohn**
**LNR-KLEINGRAAN**


Cutting edge PLANTERS
for small farms & plots
www.eden-equip-online.co.za
info@eden-equip.co.za
(+27) 63 775 8684
TOYOTA
• Cover crops
• Pastures
• Vegetables
• Maize
• Regenerative agriculture
• No-till
• High-density grazing
• Manufactured in SA
eden equip


KYRON AGRI
DON'T SEE
RED
THIS SEASON
STOP
REDWATER & TICK-BORNE GALLSICKNESS (ANAPLASMOSIS) IN ITS TRACKS
BABEX
REDNIL


VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
THE BEST BID
LEWENDEHAWE · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGEHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY
www.vleissentraal.co.za



KYRON AGRI
MAXITET CTC 20% FG
A BROAD-SPECTRUM ANTIBIOTIC
Effective against both gram positive and gram negative pathogenic bacteria.
MAXITET CTC 20% FG
25 kg
Product Name: Maxitet CTC 20% FG. Registration Number: G4214 Act 36/1947 (South Africa). Composition per kg: Chlortetracycline 200 g. Registration holder: Kyron Animal Health (Pty) Ltd, Co. Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa.




AfriForum
Veldbrande saai verwoesting.
Boere verloor elke jaar duisende hektaar weiding.
Jou donasie kan help om voer te voorsien en die boere by te staan wat skade gely het.
Bankbesonderhede:
Bank: Eerste Nasionale Bank
Rekeninghouer : AfriForum MSW
Takkode: 261550
Rekeningnommer: 623 498 98 398
Verwysing: Brande
www.afriforum.co.za

BOERhier 'n Boer is gekies deur God & FARMhere Farmers are handpicked by God & BOERhier VEILINGS

# SALES REPRESENTATIVE REQUIRED

## Must have sales experience in agricultural industry

**Requirements:**

- Gather leads
- Self-motivated and meet or exceed goals
- Ability to track customer's problems
- Setting sales target
- Plan to reach the goal
- Research and identify the buyer persona
- Discuss, negotiate and lock to a sales agreement
- Sales driving pitch
- Research prospective clients
- Prepare the monthly/yearly report
- Be friendly and do follow ups

Must have a minimum of 10 years experience in corporate sales.
Basic provided for the first 3 months.
***Terms and conditions apply.***

**Contact: info@boerhier.co.za**

BOERhier / FARMhere gives God all the glory and honour for our continued success.

# Miltsiekte, sponssiekte en lamsiekte: 'n Dodelike trio



## Bakteriese siektes wat skielike sterftes tot gevolg het, sluit miltsiekte en sekere klostridiale siektes in.

### Miltsiekte

Miltsiekte word veroorsaak deur die aansteeklike spore van *Bacillus anthracis*, 'n gram-positiewe bakterie wat in die omgewing voorkom. Klostridiums is ook gram-positiewe bakterieë wat in die omgewing (grond, plantmateriaal) en in die derms van diere teenwoordig is. Vee word voortdurend aan hierdie bakterieë bloot-gestel en die risiko bly alomteenwoordig.

Die spore van *B. anthracis* kan skielike vrektes onder oningeënte vee meebring en veroorsaak groot skade aan weefsels sowel as bloeding. Diere vrek gewoonlik skielik. Omdat dit 'n soönose is ('n siekte wat mense kan affekteer) vereis wetgewing dat vee hierteen ingeënt word. Miltsiekte-entstof is 'n lewende bakteriese entstof. Beeste kry hul eerste inenting op ouderdom vier tot ses maande en dan 'n jaarlikse skraaginenting.

### Sponssiekte

Sponssiekte is 'n bakteriese siekte wat hoofsaaklik deur *Clostridium chauvoei* ver-oorsaak word en skielike vrektes by oninge¬ente vee kan veroorsaak. Ander bakterieë, soos *C. sordelli, C. septicum* en *C. novyi*, kan in sommige gevalle ook 'n soortgelyke siekte veroorsaak.

Vee word besmet wanneer hulle vreet en die bakterieë inneem. Die bakterieë besmet die bloedstroom en vestig gewoonlik as dormante stadiums in die groot spiere. Sponssiekte ontwikkel dikwels na kneusing van hierdie groot spiere wanneer diere teen mekaar stamp, met hulle in drukgange gewerk is en hulle met medikasie ingespuit is.

Kneusing lei tot die vorming van melksuur in die spierweefsel. Hierdie verlaging van die pH in die spiere skep 'n gunstige omgewing waarin dormante *C. chauvoei*-bakterieë vinnig vermeerder en gifstowwe produseer. Dit veroorsaak skade en bloeding. Omdat die bakterieë gas produseer, vorm 'n laag gas tussen die spierweefsel en die vel – vandaar spons-siekte. Dit het 'n botteragtige reuk en word algemeen tydens nadoodse ondersoeke waargeneem.

Hoewel oningeënte vee van enige ouderdom aangetas kan word, kom die siekte meestal by jong, groeiende diere soos speenkalwers tussen ses en 12 maande voor. Om sponssiekte te voorkom, moet vee ingeënt word. *C. chauvoei*-entstof is 'n bakterie-toksoïedentstof. Beeste moet hul eerste inenting tussen vier en ses maande ontvang, met 'n skraaginenting vier tot ses weke later en 'n jaarlikse skraaginenting daarna.

### Lamsiekte

Lamsiekte is 'n bakteriese siekte wat deur die





gifstof van *C. botulinum* veroorsaak word. Dit kan tot vrektes lei. ’n Risikofaktor is die voer van hoendermis en fosfaattekorte wat veroorsaak dat vee aan bene kou wat met hierdie gifstof besmet is.

Die gifstof sal by die spier-senuwee-koppelvlak vestig en lei tot verlamming wat oor gemiddeld een tot ses dae plaas-vind. Diere sal gewoonlik vrek as gevolg van verlamming van die asemhalingstelsel, en daaropvolgende asemnood en versmoring. Die enigste behandeling is teenserum wat nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Inenting, veral voor hoendermis gevoer word en in gebiede met fosfaattekorte, is belangrik om produksieverliese te voorkom. Lamsiekte-entstof is ’n geïnaktiveerde toksoïedentstof. Beeste moet hul eerste inenting tussen vier tot ses maande ontvang, met ’n skraaginenting vier tot ses weke later en dan jaarlikse skraaginentings.

## Algemene beginsels

By spons- en lamsiekte is dit belangrik dat diere wat vir die eerste keer ingeënt word, vier tot ses weke later ’n skraaginenting ontvang en daarna jaarlikse skraaginentings met ’n interval van 12 maande. Vir miltsiekte is dit ’n enkele inenting op die ouderdom van vier tot ses maande en daarna jaarlikse inentings.

Inenting van volwasse koeie voor kalwing sal beskermende, passiewe immuniteit verseker deur biesmelk wat kalwers vir die eerste vier maande van hul lewe sal beskerm. Verseker dat kalwers voldoende biesmelk in die eerste 24 uur inneem. Ent bulle in en raadpleeg jou veearts oor ’n inentingsprotokol.

**Deur Dr JG Nel**

**Vir meer inligtin, skakel 012 661 4076 of besoek www.kyronagri.com.**




# BOERhier
'n Boer is gekies deur God

# FARMhere
Farmers are handpicked by God

## 2025 TARIEWE

BH Veilings: 5de van elke maand

FARMhere: 15de van elke maand

BOERhier: 25ste van elke maand




*Advertensie Tariewe*

*Eén prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer:*

*Volblad advertensie: R4 950 per maand*

*Artikel: R1 950 per tydskrif*

*Voorbladpakket: R10 850 per tydskrif*

(Voorblad, artikel en volblad advertensie)




**SOSIALE PLATFORMS**
**WEEKLIKSE PLASINGS**

Bogenoemde advertensies sluit in: Weeklikse advertensies op ons 22 sosiale media platforms.
Advertensies ontwerp op aanvraag teen 'n bykomende fooi (Bepalings en voorwaardes geld).

**BOERhier / FARMhere gee aan God al die eer en lof vir ons volgehoue sukses.**

## ADVERTEER BY ONS

**Bereik jou boerdery se volle potensiaal !**

073 895 6392 / 071 704 6282

E-POS: info@boerhier.co.za

Webtuiste: www.boerhier.co.za




JAPS JORDAAN 073 489 4630 • JONKER VENTER 072 641 5642
EBEN VAN WYK 079 504 9715






OVK

Frans Duminy 072 597 6047 • Gouwsie Swanepoel 082 786 7914
Henk Kirchner 072 805 9064 • Bertus Burgers 082 786 7914



# Skoolvlak predasieopleiding 'n prioriteit vir NWKV

**Roofdiere is onontbeerlik in die bio-sisteem en speel 'n belangrike rol om gesonde balans in die natuur te handhaaf. Van hulle is ook goeie opruimers van aas op karkasse van wilde diere en vee.**

Boere in die Oos-Kaap sukkel veral met verliese van lammers wat deur rooikatte en rooijakkalse gevang word.

Die NWKV het die belangrikheid raakgesien om toekomstige boere vroegtydig te bemagtig om probleemdierbestuur op die regte manier toe te pas. Die predasiekursus wat Niel Viljoen aan die graad 10-leerders van Hoër Landbouskool Marlow aangebied het, sluit die hele spektrum van roofdierbestuur in.



Die vyfdagkursus wat op die plaas Poortjie in die Cradock distrik plaasgevind het, bestaan uit teoretiese en praktiese opleiding.

Baie dankie aan Willie Ferreira wie sy plaas en plaashuis vir die volle week beskikbaar gestel het, asook meneer Siebert vir die reëlings om die kursus moontlik te maak.

SLEGS VIR UITWENDIGE DIEREGEBRUIK

# IVERMAX®①†
# POUR-ON

## VIR DIE BEHANDELING VAN INWENDIGE EN UITWENDIGE PARASIETE

**Maagdermkanaal Rondewurms, Longwurms, Oogwurms, Velpapies, Suigende Luise en Bytende Luise, Myte en Blou Bosluise in beeste.**

Samestelling: Ivermektien 0,5 % *m/v*

† Makrosikliese laktoon




**GEEN MELKONTTREKKING[1]**

KAH/PM152A/2024/1

KYRON AGRI

**Verwysing:** 1. Data op lêer.

**Produk naam:** Ivermax Pour-On **Registrasienommer:** G2735 Wet 36/1947 (Suid Afrika). **Samestelling:** Ivermectin 0,5 % *m/v* **Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Co. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. **Uitvoerlande:** Namibië - NS0 V00/18.1.2/271

SCHOEMAN MERINOS

# BEST OF BOTH

THORNPARK DORMERS

## 05 FEB 2025 @ 12:00
## SOMERSET-OOS, GHOLFKLUB



### AANBOD:

30 POENSKOP MERINO RAMME
40 DORMER RAMME
300 DRAGTIGE 2-TAND MERINO X DORMER OOIE (DRAGTIG VAN DORMER RAMME)
50 DRAGTIGE OU MERINO OOIE (DRAGTIG VAN DORMER RAMME)

THORNPARK dormers

SCHOEMAN MERINOS

OVK

**Thornpark Dormers:** Stephan Raubenheimer 082 448 0422
**Schoeman Merinos:** Johann Schoeman 083 299 0294
**OVK:** Jonker Venter 072 641 5642 • Martin Lombard 079 683 0476
Pierre-Martin Lombard 079 684 8992

# WATER BACK UP SYSTEM

HYDRO PLUMBINGS
SOLAR AND PLUMBING



## Eco Tanks

**From 990L - 5000L Tank's**

## Pressure Pumps

**DAB EasyBox 1.1 kw**
**DAB EasyBox Mini .75kw**
**Tesk PMC 2.2kw**
**Tesk PMC .75kw**

## 3 Stage Filter

950L From R18 000
1100L From R25 000
2220L From R33 665
5000L From R38 000












**Hydro Plumbings**
0731772652
WhatsApp 0817019404
hydro_plumbings@outlook.com



# Die waarde van lamkampies en die implementering daarvan



## 1. Inleiding

Daar is twee prominente denkrigtings met betreking tot skaapboerdery of meer spesifiek lamstelsels. Die een is ten gunste van lamkampies en die ander glo dat ooie op die veld moet lam sonder enige bystand of inmening.

Lamkampies word nou al vir baie dekades gebruik, maar was in die begin jare meestal gebruik as daar probleme in die kudde was. Die probleme het voorvalle ingesluit soos ooie wat hul lammers los, ekstreme weers omstandighede (koue, sneeu, ens.), siektes en pes uitbrake. Hierdie probleme word tans ook ondervind deur meeste produsente, maar hulle stig lamkampies egter vir verskeie ander redes ook. Dit sluit redes in soos, beskerming teen roofdiere, diefstal, handhawing van beter voedingsprogramme, vergemaklik bestuur, verhoog naspeurbaarheid en bied die geleentheid om met meer vee te boer op ’n kleiner area. Omstandighede het so verander dat boere dit nie meer kan bekostig om vee te verloor nie. Reproduksie en lam oorlewing is dus uiters belangrik om winsgewendheid te verseker. Een van die grootste redes vir onsuksesvolle boerderye is lamvrektes, waar die meeste mortaliteite binne die eerste drie dae voor kom (Teagasc, 2020). Die mortaliteite wat binne die eerste drie dae na geboorte voorkom kan so hoog as 20% wees of selfs hoër as dit (Louw et al., 2015). Mortaliteite onder meerlinge kan twee na drie keer meer wees as enkelinge en benodig dus adisionele toesig, sowel as bestuur. Dit is dus belangrik om lammers en ooie beter te bestuur tydens die lam seisoen om’n hoë lam oorlewing te verseker. Hoër lam oorlewing lei tot hoër verkope en dus meer geld wat geallokeer kan word aan ander kudde probleme. Dit is moontlik om jou kudde beter te bestuur tydens lamtyd met lamkampies. Dit is egter belangrik om te besluit watter soort lamkampies of tipe fasiliteit die beste gaan werk vir die boerdery se behoefte.

## 2. Fasiliteit vereistes en soorte lamkampies

Lamkampies kan op verskeie maniere opgestel en geïmplementeer word. Wanneer die kampies gevestig is moet daar besluit word oor die tipe materiaal, die kampies se grote, vloer bedekking en of die fasiliteit permanent of tydelik gaan wees.

### 2.1. Materiaal vir lamkampies

Die goue reël wat in gedagte gehou moet word tydens die konstruksie van lamkampies is om materiaal te gebruik wat reeds beskikbaar is en net iets te koop indien dit nodig is. Op die manier word die hoeveelheid kapitaal wat benodig word, om die kampies op te rig verminder. Die


gewildste is om metaal panele (skaap hekkies) te gebruik om krale te vestig. Meeste skaap produsente het reeds die toerustig beskikbaar en kan dit dus gebruik wanneer dit benodig word. As die produsente nie hekkies het nie kan die aanvanklike aankoop van metaal hekkies egter duur wees as dit op een slag gekoop moet word. Die hekkies kan verbind word met metaal penne en 'n eenvoudige vierkantige hokkie kan dan geskep word, soos gesien in Figuur 1. Metaal hekkies kan vervang word met hout planke of draad. Hout word egter meestal gebruik vir die vestiging van permantente fasiliteite en draad kan 'n moontlike probleem wees aangesien lammers kan ontsnap, tensy oogies draad aan die onderkant gespan word. Dit is wys om goeie skuiling vir vee in lamkampies te bied. Plaat kan gebruik word om afdake te skep en om die kante van die kraal te bedek om die ooi en haar lam(mers) te beskerm teen ongunstige weerstoestande (byvoorbeeld wind, reën, ensovoorts). Die ideaal is om ooie met hul lam(mers) onderdak te hou of binne 'n gebou met goeie ventilasie. Nadat die materiaal en tipe fasiliteit gekies is moet daar besluit word oor die grote van die lamkampies.



Figuur 1: Eenvoudige lamhokkie wat gebou is met skaap-hekkies

## 2.2. Grote van lamkampies

Die grote van lamhokke wissel. Die grootste twee faktore wat bydra tot die seleksie van die lamhokkies se grote is die ras en of die ooi 'n enkeling of meerlinge het. Die grote is gewoontlik 1,5m by 1,5m met 'n hoogte van tussen 1,5m en 1,8m hoog as die hokkie 'n ooi met een lam bevat (van Vuuren, 2015). Vir meerlinge kan die grote van die kampie aangepas word volgens die hoeveelheid meerlinge. Pas die kampies aan sodat daar genoeg spasie is vir die ooi en vir haar lam(mers) om te drink. Die produsent moet sy/haar eie diskresie gebruik wanneer daar besluit word op die grote van die kampie. Groter lamkampe kan ook gebruik word waar meer as een ooi en haar lam(mers) aangehou kan word, soos gesien in Figuur 2.



Figuur 2: Lamkampies wat meer as een ooi en haar lam(mers) bevat

Klein en groot lamkampies het sy voor- en nadele. 'n Groot voordeel van kleiner kampies is dat ooie en haar lammers makliker individueel gemonitor kan word. Ooie kan ook gevoer en bestuur word volgens hul behoefte en nie volgens die standard van die trop nie. 'n Nadeel natuurlik is dat die sisteem relatief arbeidsintensief is. Groter lamkampe maak die bestuur makliker en die hoeveelheid arbeid wat benodig word minder, maar maak die kontrolering van individuele ooie met hul lammers moeiliker. Groter kampe is ook goedkoper om op te rig en dit is een van die groot redes hoekom al hoe meer produsente weg beweeg van klein lamhokkies na groter lamkampe. Dit is egter belangrik om the onthou dat 'n vergrooting in die oppervlakte die risiko vir lamvrektes verhoog, as gevolg van swakker bindings eienskappe tussen die ooie en haar lam(mers) (Lindsy et al., 1990). As die grote van die lamkampies gefinaliseer is moet daar besluit word of die fasiliteit tydelik of permanent gaan wees.

## 2.3. Tydelike of permanente lamkampies.

Die keuse of die kampies permanent of tydelik gaan wees gaan afhang of die produsent die kapitaal en die spasie het om dit te vestig. Indien nie, sal dit beter wees om gebruik te maak van 'n tydelike sisteem. Die voordeel van 'n tydelike sisteem is dat dit geskuif kan word waar dit vir die produsent die gerieflikste gaan wees jaar tot jaar. Die materiaal, grote, en of die kampies tydelik of permanent gaan wees is belangrik, maar daar moet ook besluit word of daar grondbedekking geplaas gaan word en die tipe grondbedekking.

## 2.4. Grondbedekking vir lamkampies

Die bedekking kan wissel tussen vled buite (geen bedekking), hortjiesvloere, sementvloere, saagsels en sementvloere met saagsels. Hortjiesvloere is meestal van toepassing binne 'n gebou of by 'n onderdak sisteem. Hortjiesvloere kan gerieflik wees as dit van die grond af gelig is en dit

moontlik is om onder die vee, mis en uriene te verwyder. Die probleem met hortjies vloere is dat dit vlieë kan lok wat kan lei tot infeksies. Sement vloere is ook 'n opsie, maar dit kan duur wees om te vestig. In die praktyk blyk dit of saagsels/ strooi as grondbedekking die beste en goedkoopste opsie is (Figuur 3). Dit moet net goed skoon gemaak word tussen elke lamsiklus. Sagsels het goeie absorbsie vermoë vir urine, mis en die nageboorte tydens lam.



Figuur 3: Lamkampie wat strooi as grondbedekking bevat

Soos genoem hierbo is daar 'n paar voor- en nadele vir lamkampies wat in gedagte gehou moet word. Lamkampies het egter verskeie voor- en nadele en is dit nie net die bogenoemde nie.

## 3. Voor- en nadele van lamkampies

### 3.1. Voordele

- Lamkampies verhoog die binding (verhouding) tussen die ooi en haar lam(mers) (Lindsy et al., 1990). Dit kan bydra dat lamvrektes tot minder as 5% kan daal as daar voldoende skuiling is en 'n gebalenseerde dieet voorsien word (Brand et al., 1985).
- Lamkampies verbeter toesig, bestuur en kontrole van die kudde.
- Dit verlaag mortaliteite by ooie wat meerlinge het en ooie wat vir die eerste keer lam, aangesien lammers konstant kan suip aan hul ma.
- Kampies maak dit moontlik ooie te identifiseer wat aan dooie lammers geboorte gee, wat sukkel om te lam, lae of geen melkproduksie het en swak moedereienskappe het.
- Dit verhoog ook naspeurbaarheid en bevorder rekordhouding. Rekordhouding word bevorder, want minder vee word verloor as gevolg van diefstal (Van As, 2013).
- Lamkampies bied die geleetheid om ooie meer spesifiek te voer volgens hul behoefte. Byvoorbeeld 'n ooi met meerlinge het 'n groter behoefte aan 'n rantsoen wat meer melkproduksie bevorder as 'n ooi met 'n enkeling. Met ander woorde, produsente kan meer effektief voer en meer spaar op voerkostes.
- Lamkampies voorkom dat lammer verdwaal en wegbreek van die ooi af. Dit is een van die grootste faktore wat bydra tot hoë voorspeense lamvrektes. Dit was bewys deur Watt et al., (1984) dat slegs 32% van lammers wat op die manier skei van die ooi oorleef in die praktyk.
- Dit kan lammers meer beskerm teen roofdiere.
- Dit is moontlik om 'n kudde te verdeel en veelvoudige groepe deur die jaar te laat lam. Die lamkampies word dus meer effektief benut en daar is 'n beter kontantvloei deur die jaar as wat ooie net een keer 'n jaar lam.

Vanaf die bostande punte is dit duidelik dat lamkampies verskeie voordele het, maar daar is nadele ook wat 'n produsent se besluit om kampies op te rig sal beïnvoel.

### 3.2. Nadele

- Lamkampies kan reedelik arbeidsintensief wees. Hoe meer kampies daar is hoe groter gaan die arbeid behoefte wees.
- Soos genoem bied lamhokkies die geleentheid om meer groepies te lam deur die jaar wat bydra tot 'n beter kontant vloei. Dit kan egter die inenting- en doseringsprogram ingewikkeld maak as daar baie groepies is.
- Die aanvangklike koste wat benodig word om die kampies te vestig is hoog.
- Die koste verbonde aan grondbedekking en voer kan hoog wees, maar as die kudde reg bestuur word sal verhoogde speen persentasie op maak daarvoor.
- Lamkampies kan die risiko van siekte verspreiding verhoog, aangesien 'n groot hoeveelheid diere in 'n klein area gehou word (hoë veelading as gevolg van intensiewe sisteem).
- Die risiko vir brommer aanvalle kan ook verhoog.

- Bestuur kan moeilik raak as die ooie nie gesinkroniseer is nie.

Nou dat dit duidelik is wat die fasiliteit vereistes, soorte lamkampies, voor- en nadele is, is daar verskeie bestuur en voedings riglyne wat 'n produsent ingedagte moet hou om die stisteem so effektief as moontlik te maak.

## 4. Bestuur en voedings riglyne

### 4.1. Riglyne om die effektiwiteit van lamkampies te verhoog

Die ideal is om ooie te sinkroniseer wat in kampies gaan lam. Dit vergemaklik bestuur en verkort die aantal tyd wat die lamkampies gebruik word. Dit verlaag ook jou voedings onkostes, aangesien die ooie minder tyd in die kampies spandeer. Ooie kan gesinkroniseer word deur sponse of koggel ramme te gebruik. Koggel ramme kan voor paring by ooie geplaas word vir agt dae. Die ooie moet dan vir nie langer as 'n maand gepaar word nie. Dit is nog beter om ooie te sinkroniseer en dan te laparoskopie. Dit sal die lamtyd verkort en bestuur nog makliker maak. Laparoskopie het ook 'n hoër bevrugting sukses.

Die dragtige ooie kan net voordat hulle lam in die kampies of hokkies geplaas word. Op die manier kan die ooie ook gewoond raak aan hul nuwe omgewing en is dit minder stresvol vir die diere as hulle begin lam. Ooie kan ook in lamkampies geplaas word en dan as die eerse ooi begin lam hulle oorplaas in kleiner lamhokkies om nie die lamhokkies onnodig vuil te maak nie. Dit is uiters belangrik om kampies, veral klein kampies skoon en droog te hou. Dit kan gedoen word om afval uit die kampies te verwyder of om gereeld skoon strooi of sagsels te voorsien. Dit is wys om binne en rondom die kampies te ontsmet en kan gedoen word deur kalk toe te dien. Dit is beter om eers die kalk toe te dien en dan die strooi of saagsels in te sit. Kalk sal help om patogeen verspreiding te verlaag wat probleem is tydens lam. Lammers kan maklik 'n infeksie kry by hul naelstring. Tydens geboorte word die naelstring wat die lam en ooi heg verbreek wat dien as 'n ingangspunt vir bakterieë. Bakterieë het dus direkte toegang tot die lewer en die vaskulêre stelsel (Froehlich, 2021). Om die rede is dit baie belangrik om die naelstring van 'n pasgebore lam deeglik te ontsmet.

### 4.2. Voeding- en waterbehoefte

Een van die belangrikste faktore wat die winsgewendheid beïnvloed met betrekking tot lamkampies is water en voeding. Dit is uiters belangrik om seker te maak dat ooie met genoeg skoon en koel drinkwater voorsien word. Pype en waterbakke moet op 'n daaglikse basis skoon gemaak word. Plaas die waterbakke hoog genoeg dat die skape dit nie kan besoedel nie, maar moet dit nie op 'n hoogte plaas waar die vee nie gemaklik kan bykom nie. Stoot skoon sponse of 'n lap deur die pype om dit aan die binne kant skoon te maak.

Wanneer dit kom by voeding moet ooie aangepas word op 'n lammerooirantsoen voordat hulle lam. Ooie met eenlinge moet vier weke voor lam aangepas word en ooie wat dragtig is met tweelinge moet aangepas word vir ses weke voor lam. Voeding is die belangrikste 60 dae voor lam, aangesien 80% van fetus ontwikkeling vind gedurende die tydperk plaas (Hofmeyr, 2020). Ongeveer 80% van lam aborsies kom voor 'n paar weke voor lam voor, as gevolg van onvoldoende voeding. Dit beklemtoon weereens hoe belangrik dit is om die regte voeding gedurende die regte stadium te voorsien. Daar moet tussen 450g tot 500g per dag van die lammerooirantsoen voorsien word en die hoeveelheid moet met elke sewe dae met 250g – 300g verhoog word. Dit moet so gevoer word dat ooie met eenlinge tussen 1kg tot 1,5kg 'n dag moet inneem en ooie met tweelinge tussen 1,5kg tot 2kg moet inneem, voor lam. Voerinname kan ook volgens liggaamsmassa bereken word (van Vuuren, 2015). Voor lam moet 'n ooi ongeveer 3% van haar liggaamsmassa daagliks inneem en na lam ongeveer 4%. Die byvoeging van verbyvloeiproteïne is net so belangrik veral gedurende die laatdragtigheid stadium. Deurvloeiproteïene verhoog geboortemassa, verhoog lamoorlewing, verbeter moedereienskappe, verhoog groeitempo en verlaag die voorkoms van geboorte probleme. Ooie se liggaamskondisie moet gereeld gemonitor word en dit word aanbeveel dat 'n voedingskundige gekontak moet word om die korrekte aanbeveelings te gee volgens die skape se behoefte.

### 4.3. Biesmelk

Biesmelk is 'n uitstekende voedings bron vir pasgebore lammers. Dit bevat hoë energie vlakke en genoegsame immunoglubliene om immuniteit te versterk. Dit is bitter belangrik om seker te maak dat ooie se spene nie verstop voor en nadat sy gelam het nie. Dit kan lei tot

ongeveer 42% minder melk produksie, 42% laer lam oorlewing en 21% laer groeitempo (Curnow et al., 2011). Dit word baie keer verstop as gevolg van sny merke tydens die skeer van wol. Selfs na melk suiping kan daar bakterieë in die speen kom wat lei tot inflamasie (mastitis). Lammers moet binne 18 uur wat hulle gebore is ±200ml per kilogram liggaamsmasssa biesmelk in kry om goeie lamoorlewing te veseker. As lammers nie voldoende suip binne die eerste drie-en-half uur nie, moet biesmelk of sintetiese biesmelk met 'n maagbuis voorsien word (Figuur 4). Sintetiese biesmelk moet nie hoër as 37°C voorsien word nie, aangesien dit die teenliggaampies kan beskadig.




Figuur 4: Sintetiese melk wat met 'n melkbuis voorsien word

Toepassing van die bestuurs en voedings aspekte kan help om hoër lamoorlewing te bevorder in lamkampies. Die suksses van lamoorlewing was al deur verskeie studies bevestig, maar navorsing het al sekere lamkamp stelsels bevraagteken tydens sekere ekonomiese toestande.

## 5. Navorsing

'n Studie gedoen in 1985 deur A.A Brand, S.W.P. Cloete en T.T. de Villiers het noemenswaardige resultate gelewer toe daar getoets was vir faktore wat lamvrektes beïnvloed. Die onderstande figuur wys 'n histogramatiese voorstelling van lamvrektes volgens ras en bestuurspraktyke.




Figuur 5: Die invloed van intensiewe en ekstensiewe bestuur op geboorteprobleme en voorspeense vrektes by (a) SA Vleismerino- en (b) Dormerlammers (bron: Brand et al., 1985).

Vanaf die resultate in Figuur 5 is dit duidelik dat 'n intesiewe stelsel (lamkappies) lamvrektes bekamp het vir beide rasse. Daar was 2% minder vrektes by SA Vleismerinolammers by 'n intesiewe sisteem en by Dormerlammers 6% minder vrektes. 'n Duidelike bewys dat lamkampies lamoorlewing verhoog by altwee rasse. Daar was ook minder vrektes tydens geboorte, 1 tot 3 dae na geboorte en 11 dae tot speen waar 'n intensiewe sisteem gebruik was by altwee rasse (Brand et al., 1985). Daar was wel meer geboorte probleme by 'n intensiewe sisteem as 'n ekstensiewe sisteem. Dit kan dalk toegeskryf word aan lamkampies se geboorte area wat te klein was wat gelei het tot geboorte probleme. Die hoeveelheid dood tussen 4 tot 10 dae was ook bietjie meer by 'n intensiewe- as 'n ekstensiewe sisteem, maar dit was nie 'n beduidende verskil nie.

Nog 'n studie gedoen deur Escobedo-Canul et al., (2020) het bewys dat lamkampies rustiger lamme met geboorte gehad het, asook vinniger erkening deur die lam en 'n beterde binding tussen die ooi en lam was, as in 'n ekstensiewe sisteem.

## 6. Gevolgtrekking

Dit is gewoontlik moeilik om oor te skakel vanaf 'n ekstensiewe sisteem na lamkampies. Dit is beter om eerder op 'n klein skaal te begin en die sisteem later uit te brei. Byvoorbeeld as die produsent nog nie baie kampies het of min material het om kampies te vestig is dit beter om eers ooie met meerlinge in kampies te plaas. As die boerdery later uitbrei en meer kampies kan oprig kan ooie met enkelinge ook in die kampies geplaas word. Daar moet so volledig as moontlik rekord gehou word van alle aspekte van die sisteem, om winsgewendheid te verseker en verhoog.

As die lamkampie sisteem reg op gerig en bestuur word kan dit lei tot 'n onmiskenbare verskil in lamvrektes, in vergelyking met 'n ekstensiewe sisteem.

Vir meer inligting skakel die Overberg Agri-kantoor op Caledon:

Ruben Badenhorst (Lanboukundige)
E-pos: rubenb@overbergagri.co.za
Telefoon: 028 214 3800



Bron: https://overbergagri.co.za/die-waarde-van-lamkampies-en-die-implementering-daarvan/?lang=afr


Steel Tube & Pipe Profiles
Livestock handling equipment:
Bale rings
Feeders
Kraal
Sliding gates
Loading ramps
Weighcrates and many more!
Customised gate & cage manufacturers
Delivery nationwide
(except WC & EC)
Bloempark 2, Vanderpijlpark AH, Gauteng, 1911 | www.steeltubeprofiles.co.za
Tel: +27 728 794 871 | +27 100 230 786 | Email: sales@steeltubeprofiles.co.za

# AffiePlaas Fotografie

## Landbou Fotograaf/ Videograaf

Veiling bemarkingsmateriaal

Katalogus fotos en lot videos

Veiling bemarkingsvideo

Drone beskikbaar

Opsommingsvideo van veilingsdag/boeredag

Sosiale media bemarking

Zanmari Crous
066 226 8247












11th Production Auction
**8 FEBRUARY 2025**
Albertinia
WESTERN CAPE

# LASARUS
## LIVESTOCK

"Animals from Limpopo and Western Cape on Auction."


'BRIDGERTON' DXE21005 on auction


'BONA' genetics on auction


' ESPERADO' on auction
- 2022 SA record ram -


'STILLKNOCKS' on auction
– Superior self bred ram –

**Indigenous Veld Goats**
- CAPE LOB EARS - 50 Stud Animals
- KUNENES - 2 Starter Packs
- CAPE SPECKLED - 10

**Ankole Cattle**
- 5 Stud Animals
- Semen straws from 'BONA' and 'VIKING'

**Free Range African Chickens**

30 Chickens



All funds from the Chickens will be contributed to Rhino Conservation


Stud ram on auction


'SPIKKELS' genetics on auction

**Meatmasters** 30 Stud Animals

Nguni Cattle also on Auction

Nico Lerm: +27 (0)82 448 3975 | Hertie Lerm: +27 (0)82 768 3608
info@lasarusgamefarm.co.za | www.lasarusgamefarm.co.za

+27 76 101 9996
cdpauctions.co.za

CdP AUCTIONEERING SERVICES

**BOERhier** *'n Boer is gekies deur God*

**FARMhere** *Farmers are handpicked by God*

# ADVERTEER BY ONS!

Gratis Digitale Tydskrif
Gestig in 2017
Bereik meer as 127,000 lesers maandeliks

## *Hoekom by ons adverteer ?*

SLUIT AAN by TOP digitale landbounetwerke met meer as 127,000 maandelikse lesers!
Boere boer met slimtoestelle in die hand.
Hulle neem aktief deel op al ons digitale platforms.
Drie e-tydskrifte en video's word direk aan boere se selfone gestuur.

**SLUIT AAN by TOP digitale landbounetwerke met meer as 127,000 maandelikse lesers**

**Uitgebreide reikwydte tot die regte mark met meer as 82,000+ sosiale media volgelinge:**

**BH (BOERhier) Volgelinge: 37,064k**
**FH (FARMhere) Volgelinge: 8,968k**
**BHV (BOERhier Veilings) Volgelinge: 10,484k**
**BHG (BOERhier Groep) Volgelinge: 20,410k**
**FH Instagram: 2,207k**
**BH Instagram: 2,913k**
**15,000+ WhatsApp databasis**
**34,000+ E-pos databasis**



## Bereik jou boerdery se volle potensiaal !

## ADVERTEER BY ONS

073 895 6392 / 071 704 6282
E-pos: info@boerhier.co.za
Webtuiste: www.boerhier.co.za

11th Production Auction
**8 FEBRUARY 2025**
Albertinia
WESTERN CAPE

# LASARUS
## GAME FARM

"Animals from Limpopo and Western Cape on Auction."


18" Heartwater Springbuck ram on auction


50" Buffalo bull on auction and cows between 30" and 37" genetics of 52" bulls


Royal "DAKOTA' and 3 x 28"+ Royal Wildebeest genetics on auction


'WITKRANS JR' genetics on auction

### Game on Offer

- Buffalo
- Nyalas
- Bushbuck
- Waterbuck
- Kudu
- Rhino
- Eland
- Oryx
- Wildebeest (all colour variants)
- Impala (all colour variants)
- Springbuck (all colour variants)
- Ostrich
- Giraffe
- Lechwe
- Blesbuck
- Zebra
- Sable
- Blue Duiker
- Fellow Deer
- Black Wildebeest
- Red Hartebeest


18 5/8" 'SILKAATS' Bushbuck ram


'KILIMAJARO' Kings Wildebeest genetics on auction


23 1/8" 'CASANOVA' genetics on auction

Nico Lerm: +27 (0)82 448 3975 | Hertie Lerm: +27 (0)82 768 3608
info@lasarusgamefarm.co.za | www.lasarusgamefarm.co.za

+27 76 101 9996
cdpauctions.co.za

CdP AUCTIONEERING SERVICES



# Raskeuse: Bree riglyne vir beginner beesboere

## Een van die eerste dinge wat beginner beesboere wil weet is: Wat is die beste ras om mee te boer?

Die 39 vleisbeesrasse in Suid-Afrika maak die keuse nogal moeilik. Daarby bemoeilik telersgenootskappe en individuele telers die keuse verder met hul bemarking deurdat die meeste aanspraak maak (in baie gevalle ongelukkig ongegrond en/of sonder voldoende bewyse) op dieselfde eienskappe goed aangepas, kalf maklik, goeie moeders, speen swaar kalwers, doeltreffende groeiers, gesog by voerkrale, goeie vleiskwalitiet, ensovoorts.

Soos die geval met baie ander dinge, gaan dit by raskeuse ook daaroor om In ras te kies waf pas by die bepaalde omstandighede en doeleindes "horses for courses". Daar is met ander woorde nie In 'beste ras' nie, maar daar is wei beter en swakker keuses vir bepaalde omstandighede en doeleindes. Die belangrikste faktore om in ag te neem by raskeuse is omgewing, produksiestelsel, eelstelsel en markvereistes.

Die korrekte keuse van rastipe (Sanga, Bos indicus, Brits, Kontinentaal of rasse wat ontwikkel is uit 'n kombinasie van rastipes) en raamtipe (grootte) is krities belangrik in die keuse van



'n ras wat sal in pas by 'n betrokke omgewing, produksiestelsel, teelstelsel en markvereistes.

**Kom ons kyk kortliks na riglyne vir elk van hierdie faktore.**

### Omgewing

Die kwantiteit, kwaliteit en seisoenale variasie van die weiding is een van die belangrikste faktore om in ag te neem. Waar die welding min, van swak kwaliteit en/ of baie wisselvallig is (5005 in die meeste ekstensiewe beesboerdery gebiede in SA), is medium- tot kleinraamkoeie meer geskik. Indien dit volop, van goeie kwaliteit en bestendig is, kan grootraamkoeie oorweeg word.

Die tweede omgewingsfaktor wat in ag geneem moet word is die klimaat, veral hitte en humiditeit. In omgewings met hoe hitte en/of hoe humiditeit (veral ablei!), is dit belangrik dat die betrokke ras aangepas is om onder sulke toestande te gedy. 'n Gladde haarkleed en voldoende veloppervlak vir hitte uitruiling is hier belangrik. Vera I by hoe hoogtes by seespieel (hoeveld) is straling ook 'n faktor om in ag te neem. Volledige velpigment, veral op blootgestelde en sensitiewe areas soos die oe, is hier belangrik. Waar bosluise en ander uitwendige parasiete 'n probleem is, is 'n beweeglike vel en gladde haarkleed baie belangrik.

### Produksiestelsel

Indien die nageslag op die veld afgerond gaan word in 'n tollie- of os produksiestelsel,



Foto: Beefmaster.co.za

is grootraam/laatryp diere nie geskik nie, omdat hulle stadig vet aansit en dus lank neem om markgereed te word.Indien die nageslag in 'n voerkraal afgerond gaan word, is groot- of mediumraam diere meer geskik. In 'n kruisteelstelsel kan groter raam kalwers geproduseer word van klein- tot mediumraam koeie en grootraam bulle. Neem egter ook die geskikte raamtipe van verse wat vir vervanging gehou word in ag sien Teelstelsel hieronder.

## Teelstelsel

In 'n suiwerteelstelsel is medium- tot kleinraam koeie meer geskik. In 'n rotasie- of oor-en-



weer kruisteelstelsel, waar vervangingsverse gehou wordt is medium- tot kleinraam koeie meer geskik. In tn terminale kruisteelt, waar aile nagesiag - verse en bulle/osse verkoop word, word die optimum voordeel uit die stelsel verkry deur medium- tot kleinraam koeie te poar met grootraom bulle.

By kruisteelstelsels is dit ook belangrik dat die rasse so gekies word dat die maksimum voordeel van heterose (basterkrag) en kombinering van voortreflike eienskappe benut word. In die algemeen gesproke word die maksimum basterkrag verkry deur kruising van rastipes wat onverwant is, byvoorbeeld Bos indicus of Sang a met Brits of Kontinentale rosse. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die grootste voordeel van kruisteling le in die gebruik van F1 moeders, veral wat bet ref hul beter reproduksie en melkproduksie.

## Markvereistes

In die SA mark is A-klas karkasse van 180220kg die mees gewenste en kry die hoogste prys



per kg. Die mark diskrimineer veral teen A-klas karkasse wat te groot is. Gewenste A-klas karkasse word verkry van mediumraam diere. By B-klas karkasse (verkry van osse/tollies op die veld afgerond) is karkasgrootte nie so krities nie maar, soos reeds gese, is grootraam/laatryp diere nie geskik nie, omdat hulle eers op 'n hoe ouderdom markgereed is.

Vleiskwaliteit, veral sagtheid, wat die nommer een kwaliteitsmaatstaf is vir die SA verbruiker, word al hoe meer belangrik in die markplek. Veral by handelsmerk ("branded beef") biefstuk snitte is vleissagtheid krities vir 'n kwaliteit produk. Daar is betekenisvolle genetiese verskille tussen rasse (veral tussen rastipes) wat betref vleissagtheid.



## Ander faktore

Ander faktore soos die aanbod van teelbulle in 'n betrokke omgewing, die beskikbaarheid van semen vir KI, osook die beskikbaarheid en betroubaarheid van prestasietoetsdata en teelwaardes in die betrokke ras is beslis ook belangrik om in ag te neem, maar is sekonder tot bogenoemde faktore. Ten laaste is raskeuse soos vrou soek dit is belangrik om 'n ras te kies waarvan jy hou.

**Leslie Bergh – INR-Diereproduksie-instituut, Privaatsak X2, Irene, 0062 Suid-Afrika**
**Tel. +27 (0) 12 672 9145**
**Sel. +27 (0) 82 801 2026**
**E-pos: leslie@arc.agric.za**



# Preiss & Kock

## 1915 - 2025

## 18[de] PRODUKSIEVEILING

**• 11 Februarie 2025 • 12h00 • Snyhoek, Hanover**

**ROETE:**

**Vanaf Hanover:** Ry op die Richmond pad (N1) vir 1km. Draai regs op die Elandsfontein/Klipfontein grondpad. Ry vir 700m. Draai links. Ry vir 18.6km. Draai regs by vurk. Ry vir 11km. Draai links. Ry vir 3.5km. Draai regs. Ry vir 8.2km. Draai links by plaas in.

# AANBOD:

- **80** Horing & Poenskop Ramme
- **120** Merino Ooie (2T-4T)
- **300** Merino Ooilammers
- **150** Merino Hamel Lammers

**GASVERKOPER :** • **100** Dragtige Ooie (2T, 8mnde wol)
**CHRISTIAAN VENTER**


**NAVRAE:** BENNIE STEYN (BKB) 082 772 4548
REINHARDT KOCK (TELER) 082 373 5546
BASIL KOCK (TELER) 082 825 1887
**AFSLAER:** DANIE STRAUSS 072 585 4028


MERINO

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA

BKB
LEWENDEHAWE & AFSLAERSDIENSTE

VOLG ONS OP: FACEBOOK INSTAGRAM LINKEDIN YOUTUBE


AFSLAERS: POSBUS 304, CRADOCK, 5880 TEL: 048 881 3090 FAKS: 048 881 2605 E-POS: BEMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06




OVK

**VIR VERDERE NAVRAE, KONTAK:**

Charlie Louw **084 949 0010** • Stevie Zwiegers **082 325 6310**
Herman Laubscher **083 288 8887** • Marnitz Fourie **0824915183**



ALFA ANGORAS

12 Februarie 2025, 11h00 • Du Preezskraal, Willowmore

**Aanbod:**

50 Angora ramme • 450 Kapater kids • 120 2-Tand ooie

**Navrae:**

Kobus Lötter 082 973 8133 (teler) • Jacques du Toit 066 476 6247 • Fourie Vosloo 082 854 9730
Marx Strydom 083 563 6799 • Ripple Brits 072 355 2146

OVK


48ste GRIEKWALAND-WES
Stoetvee Veiling
12 FEBRUARIE 2025
11:00 | POSTMASBURG SKOUGRONDE
Tuli
SENEPOL
Brahman
BRANGUS
DORPER
Van Rooy
ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
053 927 1981/2/3


WE ARE READY FOR 2025
ARE YOU?
One of the most well-known and professional game capturing companies in Limpopo!
BOOK WITH Awa
GAME CAPTURES
We offer MORE than just capture...
Mass Capture
Sorting of Camps
Transport
Relocation
Profit Sharing Options
Purchase of Game on Veldt
Customised Solutions
Helicopter Services
Auctions
Permits
ZS-RMD
Amanda du Toit:
073 598 6761 | amanda.dutoit@awla.co.za
Alexi Dreyer:
071 896 6301 | alexi.dreyer@awla.co.za
Timon Dreyer:
079 853 0200 | timon.dreyer@awla.co.za


voete
vol
vertroue
Step Forward se regstellende binnesole bied beter balans en belyning asook verligting van voet- en postuurprobleme insluitend plantar fasciitis, hakpyn, eelte, platvoete, hamertone, hoë brûe, kniepyn en laerugpyn!
STEP FORWARD
SINCE 1974
®
FOOT CORRECTORS
Tel : 082 460 3063
stepforward.co.za



# Watervereistes van Varke

**Daar word dikwels nie baie aandag geskenk aan die rol van water in varkproduksie nie. Tog is dit een van die belangrikste faktore weens sy rol in die fisiologiese funksies van die vark se liggaam.**

Vir optimale gesondheid moet skoon, koel drinkwater te alle tye vir alle varke beskikbaar wees, sodat hulle soveel water kan drink as wat hulle wil, wanneer hulle dit nodig het. Die watergehalte, klimaatstoestande en produksie-stadium moet in ag geneem word wanneer die waterbehoeftes van varke oorweeg word.

## Waterkwaliteit in Varkproduksie

Die kwaliteit van die plaas se waterbron moet verkieslik jaarliks getoets word, sodat regstellende maatreëls kan geneem word indien nodig.
Die bron van water (bv. dam-, munisipale- of boorgatwater) bepaal dikwels die kwaliteit en geskiktheid van die water vir varke.

## Wanneer die waterkwaliteit getoets word, moet die volgende aspekte ontleed word:

Die bakteriese telling: Chloorbehandeling van drinkwater word aanbeveel indien die bakteriese telling hoog is. Onthou dat vuil waterpype en waterdrinkpunte bakteriese probleme in die varkhokke kan vererger, daarom is dit belangrik om gereeld skoon te maak.

Sure: Die pH-vlakke van varke se drinkwater moet wissel tussen 5 en 8. 'n pH vlak bo of onder hierdie kan die inname van die water beïnvloed en moontlik skadelik wees. Water wat te suur is (onder 5), kan ook korrosie en beskadiging van pype en waterlyne veroorsaak, terwyl water wat te sout is (pH bo 8) uitvlokking kan veroorsaak wat pyplyne en waterdrinkpunte kan verstop. Watertoevoerpype moet dan gereeld gespoel word.

Hardheid: Oor die algemeen is kalsium en magnesium die twee minerale wat water 'hard' maak. 'n Water versagter (of water ontkalker) kan gebruik word om die water te versag.

Hoë nitrate, sulfaat en ander minerale: Die vark se dieet moet aangepas word om hoë vlakke van spesifieke chemikalieë en minerale in sy drinkwater te balanseer. Water moet moontlik ook gefiltreer of behandel word voordat dit aan die varke voorsien kan word, wat onder sekere omstandighede produksie nie-winsgewens kan maak.

## Volumes Water Benodig vir Varkboerdery



Die hoeveelheid water wat daagliks benodig word, hang af van baie faktore, insluitend die klimaat, voer, vark se gesondheid. Die produksie-stadium asook die tipe waterdrinkpunte wat gebruik word. In groot produksie-eenhede kan 'n vark daagliks minstens vyf tot tien liter water benodig. Soos byvoorbeeld sal 'n pas-gespeende varkie 2 liter water per dag drink en tot 6 liter water per dag sal vir 'n groei-vark (met tepel-tipe waterdrinkpunte) nodig wees. Lakterende sôe het selfs meer water nodig om in die melkbehoeftes van hul baba varkies te voorsien; hulle kan tussen 15 en 32 liter water per dag op die tepel-tipe waterdrinkpunte nodig kry. Die waterbehoeftes van dragtige sôe wissel tussen 12 en 15 liter per dag.

## Ander Oorwegings vir Waterkwaliteit



Water moet koel wees, anders sal die varke dit nie drink nie. Maak dus seker die water is heeldag in 'n skadu area. Waterhouers moet ook vasgemaak word om te voorkom dat dit weggedra of omgedop word en moet gereeld skoongemaak word. Die algemene idee is dat die kwaliteit van drinkwater vir varke geskik moet wees vir menslike verbruik en die waterdrinkpunte so skoon wees dat die boer self daarvan sal kan drink.

## Modder vir Varke

Min boere verskaf modderputte vir hul varke,




maar daar is gevind dat dit help met die vark se temperatuurregulering. Dit kan help om varke se temperatuur met sowat 2° Celsius te verlaag. Dit is nog meer doeltreffend as sweet wat moeilik is vir 'n vark wat geen sweetkliere het nie. Die modder help ook om parasiete soos bosluise en luise in beheer te hou, maar modder moet nie gesien word as 'n plaasvervanger vir behandeling as daar parasietprobleme ontstaan nie. Daarbenewens is 'n modderbad natuurlike gedrag vir varke en moet dit beskou word as noodsaaklik om varke gelukkig en ontspanne te hou.

Bron: https://southafrica.co.za/af/watervereistes-van-varke.html




# SPECIAL







## NO-WORRIES NO-TILL STARTER PACK

GET THE LATEST TECHNOLOGY AND BEST
RESULTS WITHOUT THE EXPENSIVE PRICE TAGS

**VALTRA 99KW A134HITECH TRACTOR, JUMIL 3070 6 ROW NO-TILL PLANTER AND KUHN PORTER 800L + 400L 5 SECTIONS ELECTRIC 18M BRAVO LIFT MOUNT SPRAYER**

**R2 790 000** EXCL. VAT

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

ATTIE: 083 261 9863
0861 VALTRA  www.valtrac.co.za  Valtrac South Africa  Valtrac

**Terms and conditions apply**. Only valid on new sales of current stock at full retail price. Limited stock available.


Blouberg
Aanteelveiling
DIE ROOM VAN DIE NOORDE
31STE
BLOUBERG
AANTEELVEILING
•13 FEB 2025•
•VIVO VEILINGSKRALE•
480 DIERE OP AANBOD
DIE BEESLIEFHEBBERS MARK
BLOUBERG SHAUN WHITE 073 564 2868
BEMARKER Francois Uijs 083 627 6835
AFSLAER Sors Snyman 072 841 7262 · www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
BOSVELD
VIVO



Nova Barletta Dormers
CLOCOLAN
UMPUKANE Dormers
CLOCOLAN
maluti
DORMERS
9de Produksieveiling
lewendige & aanlynveiling
Dekades se genetika vir jou
ONDER BESKERMING VAN DORMER GENOOTSKAP
22 FEBRUARIE 2025 @ 11:00
RIETKUIL, CLOCOLAN
40 RAMME • 40 STOETOOIE • 400 KOMMERSIËLE OOIE
OVK
Nova Barletta Dormers: Lodie van Reenen & Dr. Carl Scholtz 072 597 6047
Umpukane Dormers: Peet van Rooyen 082 925 4189
OVK: JT Fourie 082 854 8620 & Pieter Cloete 082 445 1501
dormer




# ***Franelyn Rossouw*** lééf rentmeesterskap met respek, harde werk en omgee – Wenner



Bayer se eerste **Boervrou van die Jaar-kompetisie** is afgehandel en die wenners is tydens 'n glansryke geleentheid op 13 September by Montecasino in Johannesburg aangekondig. Daar was twee kategorieë, **Vrou wat boer** en **Boer se vrou**, met drie finaliste in elke kategorie, waaruit die algehele wenner in elke kategorie toe gekies is. **Die wenner van die 2024 Vrou wat boer-kategorie, is Franelyn Rossouw**.

**Franelyn (Lollie) Rossouw** van **Gro Africa Farming**, boer op die plaas Goedgedacht in Delmas, Mpumalanga. Op 1 400 hektaar word daar behoorlik gewoeker met aartappels, mielies, soja, ertjies en suikermielies onder besproeiing en ook soja en mielies op droëland. Die boerdery het langtermyn-kontrakte gesluit met verskeie maatskappye en privaat markte vir onder andere die verskaffing van bevrore produkte. Kyk 'n mens na Franelyn se suksesvolle boerdery, kom jy agter dat nougesette spanwerk met aandag aan detail net van die redes is waarom die boerdery 'n sukses is. Niks word oorgelaat aan toeval nie en die groter prentjie word nooit uit die oog verloor nie. Franelyn sê dan ook dat die bewaring van grond, mens en dier hulle na aan die hart lê en omdat hulle soveel respek het vir hulle ouers wat die besighede aan hulle toevertrou het, is dit hulle voorreg om dit op te pas. "Ons lééf rentmeesterskap!"

Ons het met Franelyn gesels oor onder andere haar grootwordjare, haar besluit om te boer, wat haar inspireer en die uitdagings wat sy as boer daagliks voor te staan kom. Lees gerus verder:

## Wie is Franelyn?

Tot op vyfjarige ouderdom het ek in Benoni grootgeword as deel van 'n konstruksiefamilie wat van Gauteng tot in Mpumalanga gewerk het. My oupa – oorspronklik uit Musina se wêreld –

het hom in Benoni gevestig. Dit was toe dat hy vir elk van sy drie seuns 'n plaas gekoop het, in Delmas en naby Plettenbergbaai. In 1977 het ek saam met my ouers Delmas toe getrek waar ons plaashuis binne een dag deur my pa se bouspan gebou is! Ons moes nou wel 'n jaar lank sonder elektrisiteit oor die weg kom, maar ook dit was 'n avontuur. My pa het met mielies, soja, Brahman-stoetbeeste en perde geboer.

Ek het grootgeword in die lieflike plattelandse dorp, Delmas. My skooljare was heerlik en sorgeloos. Ons was omring met baie maats en het die grootste vryheid ervaar. Ons dae was gevul met kleilat gooi, skiet en kamp – alles in die buitelug. My groot liefde was egter gimnastiek waarin ek nasionale kleure verwerf het. Ongelukkig kon ons daardie jare nie internasionaal deelgeneem het nie.

Aan die einde van my matriekjaar het ek die man wat die Here vir my gestuur het, Francois Daniel Hoffman, "raakgery" op die brug oorkant ons plaas. Vanaf ons eerste ontmoeting het ons oor alles en nog wat gesels en net nooit weer ophou gesels nie. Hy wou hê ek moes klaar studeer en het my verseker dat hy vir my sou wag. In ons tyd het ons ouers ons nie laat trou sonder papiere nie!

Na matriek is ek Tukkies toe om BA Liggaamlike Opvoedkunde te studeer om biokinetikus te word, maar het van kursus verander en my tweede keuse by Technikon Pretoria gevolg, want ek wou nie die Jakarandastad vir RAU in Johannesburg verruil nie. Ek en Francois is in 1994 getroud.

Francois het vanaf 1968 in Delmas grootgeword en ons ouers het mekaar goed geken. Hulle was almal deel van die Brahman-telersgenootskap en baie betrokke in Delmas se boerderyomgewing. Ons was 28 jaar lank getroud en het vier kinders. So saam-saam het ons die boerdery uitgebrei met lenings by Landbank en FNB en was ons bevoorreg om dit vinnig af te betaal soos wat spilpunt na spilpunt opgesit is. Landbou, konstruksie en gemeenskapsbetrokkenheid was ons lewe voordat Francois op 1 September 2021 sy eie lewe geneem het. Die uitdagings van die landbou, eksterne en finansiële druk, uitbranding en angs was die oorsaak van sy depressie en uiteindelike selfdood.

Nou, drie jaar later, het ons berusting oor sy keuse en glo ek dat dit God se manier was om hom te kom haal en te verlos van sy lydingspad. Ons vier pragtige en gesonde kinders is 'n genadegawe en geskenk van bo en ek is dankbaar dat hulle hul doel en roepings kan navolg. Die twee oudste dogters is getroud en betrokke by die besighede. Ons seun is nou in sy derdejaar op Stellenbosch en studeer landbou met die doel om by die boerdery aan te sluit en ons jongste dogter is eerstejaar op Stellenbosch met die oog om haar as sonograaf te bekwaam. Die ligpunt in ons lewe is ons eenjarige kleinseun.

## Hoe het dit gebeur dat jy begin boer het?

Alhoewel ek vanaf 1977 tot 1993 op die plaas Moabsvelden in Delmas grootgeword het, was ek geseënd om saam met Francois 'n besproeiingsplaas te kon vestig, met braaikuikens te kan boer en het ek ook 'n tonnelprojek vir uitvoerrose opgerig. Die projek is na COVID-19 laat vaar en ons het ons op groente toegespits.

Ek was maar altyd die een in die kantoor wat Francois, so tussen my verpligtinge as ma, gehelp en bygestaan het. Ek het egter nooit gedink dat ek self eendag die boer op die plaas se skoene sou moes volstaan nie.

Na my man se dood, moes ek egter doodeenvoudig opstaan en die leisels oorneem, want ek het nog kinders op skool en universiteit gehad en 'n besigheid wat op my leiding staatgemaak het. Die besluit om te boer is daarom vir my geneem. My pa is ook agt maande voor Francois oorlede en met al die verantwoordelikhede wat daarmee gepaardgegaan het, het ek nie 'n keuse gehad nie. Tog was dit op die ou end my redding, want ek kon nie gaan lê nie.

Vandag is ek weer gelukkig getroud met Gerhard Rossouw, self 'n wewenaar, wat my bygestaan het op my trauma-genesingspad. Hy was ook my klankbord met die talle uitdagings waarvoor ek te staan gekom het. Hoewel my pad traumaties was, het ek soveel genade ontvang en glo ek dat die Here Gerhard aan my voorsien het.

## Om 'n boer te wees, is nie maklik nie. Vertel ons van jou grootste uitdagings.

Dit is vir seker nie maklik om 'n boer te wees nie. Ek sê altyd 'n boer is 'n wonderwerk wat elke dag soveel uiterstes, rolle en verantwoordelikhede moet hanteer en verdien daarom werklik respek. Vir my, as vrou, wat genoodsaak was om voort te

gaan met die boerdery, was dit beslis nie aldag maklik nie. My lys van uitdagings is baie lank, veral ten opsigte van die risiko's en eksterne faktore wat 'n rol speel in die winsgewendheid van die plaas. Hier dink ek aan beurtkrag, uitermatige nat en droë toestande, voëlgriep, korrupsie, uiters hoë insetkoste, en so meer.

Die grootste uitdaging was beslis om alleen met die plaas voort te gaan op 'n baie meer intensiewe manier as waaraan ek gewoond was. Dit was en is steeds 'n baie diep leerskool, want ons moes die plaas van vooraf leer ken na Francois se dood – grond, water, besproeiingstelsels, pompe, noem maar op – ek leer nog elke dag …

## Beskryf 'n tipiese dag op jou plaas.

My dag is nooit dieselfde nie. As direkteur en eienaar van die ondernemings, is dit my rol om die spanne van plaasbestuurders en personeel te koördineer en om die finale besluite oor onder andere aankope, finansies en bemarking te neem. Daarom volg ek op met elke bestuurder van elke vertakking om toe te sien dat die finansies klop sodat ons kan voortgaan met dit waarvoor ons lief is. Om kontak te behou met al die insetverskaffers is ook van kardinale belang, want ek sien hulle as deel van ons boerderyspan. Ons is kontrakgroeiers vir verskeie maatskappye soos Natures Garden, privaat markte, asook Festive en daarom is verhoudings so belangrik.

Dag-tot-dag-besluite word geneem saam met Gerhard (self 'n droëland-grondbewaringsboer) wat my grootliks bystaan met kultivarkeuses, bemarking van ons grane en operasionele en meganiese besluitneming. Om ten minste een maal 'n maand bymekaar te kom as span bly belangrik, indien die werk en seisoen dit natuurlik toelaat.

## Wie of wat inspireer jou?

My ouers, broer en eerste man – nou reeds almal oorlede – was 'n absolute inspirasie ten opsigte van besigheid, verhoudings en integriteit. Gerhard, wat nou die lewenspad saam met my stap, is net so 'n inspirasie met dit wat hy elke dag behartig en natuurlik hoe hy my aanspoor en motiveer in my rolle en verantwoordelikhede.

My kinders is net so 'n wonderlike inspirasie en voorreg vir my. Dan natuurlik die natuur. Enige natuurtoneel soggens of met sonsak is vir my 'n skildery van God wat ek sien as inspirasie vir ons elke dag se opstaan en om te verbeter op gister wat verby is.

## Watter eienskappe dink jy is nodig om 'n suksesvolle boer te wees?

Daar is 'n paar. Eerstens, om altyd die Here as jou vennoot te hê en om nooit op te hou met wat jy doen nie, want jy kan nie weer inhaal nie.

Dan is dit ook belangrik om nooit moed te verloor nie, al is die omstandighede nie altyd geskik nie. Positief bly en om die beste in mense raak te sien, is ook belangrik. En laastens, om probleme eerder na geleenthede om te draai. Dit dra alles by tot jou sukses.

## Watter raad het jy vir ander vroue wat wil boer?

My raad aan ander vroue wat wil boer, sal wees: Stap 'n pad met die Here, luister na raadgewers en medeboere, wees leergierig, vertrou jou vroulike intuïsie en onthou dat spanwerk belangrik is as jy verder wil gaan in die lewe. En … moenie jou vroulikheid onderskat nie. Wees braaf en dapper en omarm nuwe geleenthede. Glo in jouself!

## Jou dag is oorlaai met die boerdery en besighede, jou gesin, jou werknemers en meer. Hoe hou jy al die balle in die lug?

Dit is net die Here se genade en bystand wat help. Om gelukkig getroud te wees en 'n spanmaat te hê wat my aanspoor, is net so belangrik. Ek is ook bevoorreg om inspraak in my kinders se lewens te kan gee en hulle te sien groei – dit maak van my 'n vol mamma.

Om myself te ken, geestelik en sielkundig, en die pad van genesing te kon stap om werklik van binne af te kon berus en my omstandighede te aanvaar en te kan aanpas by nuwe norms, gee my die krag om elke dag aan te pak.

Ek probeer tyd maak vir elkeen in ons bedryf en om te luister, want die persoonlike welstand van elke werknemer is belangrik. As ek terugkyk op die afgelope drie jaar met almal se ondersteuning en my persoonlike groei, gee dit my positiewe energie en dit help my om elke dag se uitdagings te kan hanteer. Om te beplan en te prioritiseer is net so belangrik vir my.

Deesdae moet ek ook harde kopbesluite neem oor dinge wat ek nie kan beheer nie – en waar ek moet dit laat gaan. Ek het geleer om net dit wat ek kan hanteer, te bestuur.

## Hoe ontspan jy?

Ek is lief vir lees, kuns en musiek en tye saam met my man, kinders en kleinkind is natuurlik heel bo aan my lys. Ek sal graag weer aan die kreatiewe deel van my wil aandag gee en tyd daarvoor wil inruim. En dan hou oefening die lyf en kop gesond. Ek hou ook van kuier saam met hartsvriende.

## Wat maak jou gelukkig?

As my gesin gelukkig is, is ek 'n vol vrou en mamma. As alles op die plaas, personeel en die bedrywe om my optimaal funksioneer, as dinge beweeg en nie stagneer nie, as ek positiewe groei sien op alle terreine, as ons kan verbeter en beter planne kan maak vir die toekoms, dan is ek gelukkig. En laastens, om 'n verskil in mense se lewens te maak.

## Watter verskil maak jy deur jou werk as boer?

Ons is in die bevoorregte posisie om werk te verskaf aan die nabye gemeenskap. In seisoentyd kan ons nog meer mense in diens neem. Op dié manier dra ons by tot voedselsekerheid. Ek dink as vrou kyk ek ook anders na my omgewing, maar omdat spanwerk vir my so belangrik is, kies ek my personeel met oorleg. Ons leuse is: Uitnemendheid vir ons Skepper, die mens en die natuur.

## Watter aspek van boerdery geniet jy die meeste?

Oestyd! Niks is so lekker as om te sien hoe ons beplanning van saadkeuses, grondvoorbereiding, kunsmis, chemieprogramme en besproeiingskedulering bymekaarkom nie. Om te sien hoe daardie oes afgehaal word, is die wonderlikste gevoel van dankbaarheid om so naby aan die natuur te kan leef.

## As jy dit alles kon oordoen, sou jy iets wou verander of sou jy dit weer so doen?

Al het ek baie geworstel met die hoekoms en waaroms in my lewe, het ek berus by die stil, sagte stem van die Here se Gees wat vra: “Hoekom nie jy nie?” Ek het aanvaar dat God 'n pad vir ons elkeen het en dat Hy dit saam met ons stap en ons nooit los nie. Ek kan met alle eerlikheid sê ek verlang soms na die verlede en hoe dit was, maar ek kies om die hede te omarm en die wonderlike nuwe geleenthede en drome wat op pad is, te aanvaar. En ja, ek sou dit weer so doen.

## So 'n laaste opmerking uit die perd se bek ...

“Moet nooit huiwer om raad te vra van medeboere nie en wees oop vir groei en inspraak. Luister gerus na jou Bayer-verkoopsverteenwoordiger oor kultivars en chemie. En onthou: Jy is nooit te oud om te leer nie. Wees daarom aanpasbaar, dink innoverend en maak 'n plan.

“Hoewel my dae ongekend vol en uitdagend is, is dit so bevrydend om deel van 'n boerderygemeenskap te wees wat steeds volhoubaar wil boer vir die toekoms van ons land se voedselvoorsiening asook die volgende generasie.”

Bron: https://www.cropscience.bayer.co.za/af/verken/artikels/bayer-boervrou-van-die-jaar-kompetisie/franelyn-rossouw





KYK! DASSIES!
IDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


Reg. No./Nr. G4224 Act/Wet 36/1947
Ivermax + Fluke †①††⑥
FOR ANIMAL USE ONLY
SLEGS VIR DIEREGEBRUIK
Injectable solution for cattle / Inspuitbare oplossing vir beeste
For the treatment and control of / Vir die behandeling en beheer van:
Internal parasites / Inwendige parasiete
Roundworms and adult liverfluke with residual activity against the reinfestation of roundworms.
Rondewurms en volwasse lewerslak met nawerking teen die herbesmetting van rondewurms.
External parasites / Uitwendige parasiete
Parafilaria (false bruising), lice, mange mites, sandtampans, blue ticks, screw-worm and eye-worm.
Parafilaria (valskneusing), luise, skurfte myte, sandtampan, bloubosluise, spykerwurm en oogwurm.
STORAGE INSTRUCTIONS / BERGINGSAANWYSINGS
Store below 30 °C and away from sunlight. / Berg onder 30 °C en weg van sonlig.
CAUTION / VERSIGTIG
Contains:
Ivermectin / Ivermektien 1 % m/v
Clorsulon / Klorsulon 10 % m/v
† Macrocyclic lactone / Makrosikliese laktoon
†† Sulphonamides / Sulfonamiede
Registration Holder: Kyron Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463.
KYRON AGRI

# 2024- Die Jaar van Herwinning en Vernuwing

2024 lê skuins agter ons, en die einde van Desember staan ons in 'n ry, gereed om weer die pakkies van 'n nuwe jaar in te neem. God deel amper weer ons pakkies uit, en binne daai pakkie is jóu 365 dae – presies elkeen met 'n sonopkoms en 'n sonsak. Ons kry 'n Somer, 'n Herfs, 'n Winter en 'n Lente. Elke pakkie word mooi toegedraai met Genade, en ons kry dit, pasella, heeltemal verniet. God werk mos nie met geld nie, Hy werk met Genade. Al wat Hy vra, is dat ons dit wat binne in is, mooi sal gebruik en met liefde sal maak.

Namate ons 2024 afsluit, is daar baie om oor na te dink. Hierdie jaar was een van teenstrydighede en transformasie, waarin die wêreld opnuut moes aanpas en heroorweeg hoe ons as samelewing voortgaan. Dit was die jaar van vooruitgang en uitdagings, maar ook van hoop en moontlikhede.

In 'n wêreld wat deurlopend besig is om te verander, het ons gesien hoe tegnologie die manier waarop ons werk, kommunikeer en leef, steeds dieper inskryf in ons daaglikse realiteite. Van kunsmatige intelligensie wat ons take vergemaklik, tot digitale gemeenskappe wat grense oorbrug, het 2024 die vinnige tempo van innovasie meer sigbaar as ooit geword.

Tog was dit ook 'n jaar waarin ons as mense besef het dat tegnologiese vooruitgang nie die enigste maatstaf van vordering is nie. In die gesig van klimaatsverandering, sosiale uitdagings en ekonimiese onsekerheid, het ons gesamentlik geworstel om die balans te vind tussen vooruitgang en volhoubaarheid. Die vraag wat ons deurlopend moes beantwoord, was: hoe kan ons die toekoms bou sonder om die aarde en mekaar te benadeel?

2024 het daarom nie net gegaan oor die tegniese hoogtes wat bereik is nie, maar ook oor die wyse waarop ons as individue en gemeenskappe herstel en groei. Die jaar het ons herinner aan die belangrikheid van menslike verbinding en die behoefte om met deernis en respek teenoor mekaar op te tree. Waar die tegnologie mag vorder, moet ons nie vergeet om ons menslikheid te bewaar nie.

Namens die span van hierdie digitale tydskrif, wil ons jou bedank vir jou teenwoordigheid, betrokkenheid en die stories wat jy saam met ons gedeel het. Soos ons die jaar afsluit, is ons opgewonde oor wat 2025 vir ons en u inhou. Mag ons saam die uitdagings van die toekoms aandurf, met hoop, moed en 'n verbintenis tot 'n beter wêreld.

Ek bid dat jou jaar BAIE mooi sal wees! Mag die pakkie van 2025 met nog meer Genade toegedraai wees.

BOERhier / FARMhere gee God al die eer en lof vir ons volgehoue sukses.

info@boerhier.co.za www.boerhier.co.za




# Graphic Design services

**FROM PRINT DESIGN TO LOGO DESIGN AND EVERYTHING INBETWEEN.**

- Brochures
- Reports
- Magazines
- Adverts (print and social media)
- Word and PPT formatting and template design
- Invitations
- Logos
- Corporate branding
- Signage
- Posters
- Letterheads • Business cards • Flyers
- Transcribing (audio to text)

**For more information please contact:**
**082 784 1838**
**cpietersen001@gmail.com**

# 2025 VEILINGS

## JANUARIE

22 - POTBERG DOHNES PRODUKSIEVEILING

28 - HARTEBEESFONTEIN MERINOS PRODUKSIEVEILING

29 - SUIDPLAAS DOHNES PRODUKSIEVEILING

30 - LOWMAR DOHNES PRODUKSIEVEILING

29 - GEELBEK ELITE MERINO PRODUKSIEVEILING

30 - TOOMFONTEIN DOHNE MERINO PRODUKSIEVEILING

## FEBRUARIE

04 - ZEISS MERINO PRODUKSIEVEILING

05 - GRASVELDER AANTEELVEILING

05 - BEST OF BOTH PRODUKSIEVEILING

05 - LE ROC PRODUKSIEVEILING

07 - WELPIC DORMERS PRODUKSIEVEILING

11 - KRAANKUIL JONGOOI PRODUKSIEVEILING

12 - ALFA ANGORAS PRODUKSIEVEILING

22 - MALUTI DORMERS PRODUKSIEVEILING

26 - CHARMAC MERINO PRODUKSIEVEILING



# VLEISSENTRAAL

# 2025

## "Save the Dates"

### NASIONALE VEILINGS

| Datum | Veiling | Plek |
|---|---|---|
| 7 FEB | **BORAN VERSE EXTRAVAGANZA** | Afridome, Parys |
| 8 MRT | **DORPER** | Warmbad Veemark, Bela-Bela |
| 8 MRT | **INHEEMSE VELDBOKKE** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 19 MRT | **BONSMARA** | Afridome, Parys |
| 1 MEI | **TULI** | Lettie Fouché Skool, Bloemfontein |
| 14 JUN | **BRAFORD** | Afridome, Parys |
| 19 JUN | **DRAKENSBERGER** | Afridome, Parys |
| 3 JUL | **BEEFMASTER** | Afridome, Parys |
| 12 JUL | **BORAN** | Afridome, Parys |
| 17 JUL | **BRAUNVIEH** | Afridome, Parys |
| 6 AUG | **BRANGUS** | Afridome, Parys |
| 12 AUG | **SA VLEISMERINO** | Frankfort Auction Centre, Frankfort |
| 14 AUG | **SUSSEX** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 14 AUG | **MEATMASTER** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 15 AUG | **AFRIKANER** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 29 AUG | **SAVM JONGRAM- EN OOI** | Fire & Wine, Zwavelpoort, Pretoria |
| 19 SEP | **BEEF SHORTHORN** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 26 SEP | **NGUNI** | Aldam Vakansieoord, Winburg-area |
| 16 OKT | **BOERBOK** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 18 OKT | **MINIATUURPERD** | Fire & Wine, Zwavelpoort, Pretoria |

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM
LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY

Tel: 012 460 9916 • hoofkantoor@vleissentraal.co.za

# Resep

## SKAAPNEK POTJIE

*Foto en resep deur Wilma Josey Venter*




### Bestanddele

- 8 stukke skaapnek so 15 mm gesny
- 2 middel grootte uie in ringe gesny
- 5 groot wortels in ringe gesny
- 4 groot aartappels in kwarte gesny
- 1 groot groen soetrissie opgesny in stukke
- 500 ml GOEIE ROOIWYN
- 50 ml kookolie
- 30 ml knoffel in olie
- 15 ml braaispeserye
- 7.5 ml sout
- 5 ml grofgemaalde swartpeper
- 15 ml gedroogde pietersielie

### Metode

Braai die skaapnek, ’n paar op ’n keer in die olie in ’n swartpotjie op matige kole, roer aanhoudend om te verhoed dat ditbrand tot ’n lekker bruin kleur, hou eenkant. Braai die uie en soetrissie uit in die vleisolie en sit die vleis terug in die potsaam met die uie en soetrissie. Voeg al die speserye by, en braai vir 5 minute. Gooi nou 250 ml rooiwyn en 500 mlkookwater, die aartappels en wortels by en laat prut vir 2 ure of totdat die vleis sag en gaar is. Meng 50 ml beesstertsoppoeier met ’n bietjie water en voeg dit by die potjie. Laat prut tot die sop deurgekook het.

Bedien met stampmielies.

Die ander 250 ml GOEIE ROOIWYN? – ’n mens se keel raak mos droog van sit langs die vuur om die potjie dop te hou datdit nie brand nie, so daar moet iets gehou word om die keel mee nat te maak… ek sal maar hou by my whisky.Sous

Bron: https://www.foodloversrecipes.com/2014/04/skaapnek-potjie/

# Wat sê die Markte



## Bees

A2/3 = R 57.94

B2/3 = R 49.98

C2/3 = R 49.16

SPEENKALF = R 32.77



## Skaap

A2/3 = R 88.40

B2/3 = R 70.46

C2/3 = R 64.34

STOORLAM = R 38.10



## Bokke

Ooie = R 44.86

Kids <30kg = R 56.34

Kids 30-40kg = R49.31

Kids > 40kg = R 37.01



## Pluimvee

Bevrore = R 34.39

Vars = R 35.73

IQF = R 32.88



## Vark

Porkers = R 33.16

Baconers = R 32.72



## Safex

Mielies = R 6780 /t

Sojabone = R 9100 /t

Sonneblom = R 10312 /t

Koring = R 5942 /t



## Geld Eenhede

R / \$ = R 18.76

R / £ = R 23.54

R / € = R 19.54

**Soos by 24 Desember 2024**

**www.amtrends.co.za**


SPRING
Sale
vkb|ntk
SCAN THE QR CODE
FOR ALL AVAILABLE PROMOTIONS & COMPETITIONS
VISIT US IN STORE
FOR MORE amazing
DEALS
for the LOVE of the LAND | www.vkb.co.za
AVAILABLE AT YOUR NEAREST RETAIL STORE
Free State: Ascent, Bethlehem, Cornelia, Danielsrus, Frankfort, Harrismith, Heilbron, Lindley, Memel, Oranjeville, Petrus Steyn, Qwa Qwa, Reitz, Senekal, Tweeling, Verkykerskop, Villiers, Vrede, Warden, Wondzicht.
KwaZulu-Natal: Newcastle.
Mpumalanga: Delmas, Nelspruit, Morgenzon.
Limpopo: Alldays, Baltimore, Bela-Bela, Bochum, Dendron, Ellisras, Letsitele, Louis Trichardt, Mahwelereng, Marken, Modimolle, Mussina, Naboomspruit, Nelspruit, Pienaarsrivier, Polokwane, Potgietersrus, Roedtan, Settlers, Steilloop, Thabazimbi, Tolwe, Tomburke, Trichardtsdal, Tzaneen, Vaalwater, Venda, Vivo.
This promotion is also available at GWK retail stores. Products available at selected stores but can be ordered. (E&OE).
Head Office | 31 President CR Swart Street | Reitz | 9810 | Tel. 087 358 8111 | vkb@vkb.co.za
VKB Landbou (Pty) Ltd is an Authorised Credit Supplier NCRCP 7984

# Vorige Uitgawes



















**Kliek hier**

BOERhier

’n Boer is gekies deur God

Johannes 1:14

‘En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het Sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.’

- Dink daaroor: Ons Verlosser het mens geword en met ons kom woon.
- Dit is God se hartsbegeerte om ’n verhouding met ons te hê.
- Hierdie tyd van die jaar onthou en vier ons hierdie wonderlike Geskenk.
- Mag jy Sy onfeilbare liefde en Sy getrouheid ondervind.

Gebed: Vader, dankie dat U met ons kom woon het en Uself ’n lewende werklikheid in ons lewens gemaak het. Dankie vir U onfeilbare liefde en U getrouheid teenoor my. Amen.

*Lizelle*



Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!

www.boerhier.co.za

**Foto: AffiePlaas Fotografie**